# HOOFSTUK 7

# KOOT VORSTER SE EERSTE JARE IN DIE BEDIENING EN SY OPGANG AS KERKLEIER

## 7.1 KOOT VORSTER AS PREDIKANT BEVESTIG TE DE NIEUWE KERK

In 1935 is Koot Vorster na De Nieuwe Kerk, Kaapstad beroep en hy het dit aangeneem. Die Kerkbode het die aankondiging gedoen: “Daar al die stukke insake die beroep van Eerw Prop Jacobus Daniël Vorster tot tweede predikant van De Nieuwe Kerk, Kaapstad in orde is [Art 193], so word die beroep hiermee kerklik goedgekeur. P B Ackermann Voorsitter Ring van Kaapstad 12 Junie 1935. [*Kb* 19 Junie 1935:1142]

In *Die Kerkbode* van 24 Julie [*Kb* 1935:142] word kennis gegee van die ordening en bevestiging van “Eerw Prop Jacobus Daniël Vorster, B A wat op Saterdag 10 Augustus om 3-uur georden en bevestig gaan word as mede-leraar van De Nieuwe Kerk. Ds Tobie Kotze sal die bevestigingsrede uitspreek.” [vgl ook *Kb* 31 Julie 1935:189] Die dag na sy bevestiging, en wel op 11 Augustus, verklaar die Voorsitter van die Ring van Kaapstad: “Daar Eerw Prop J D Vorster op Saterdag 10 Augustus, georden en bevestig is tot medeleraar van die Nieuwe Kerk, word hy hiermee verklaar lid te wees van die Ring van Kaapstad [Art 206] P B Ackermann Voorsitter van die Ring Kaapstad 11 Augustus 1935 “ [*Kb* 21 Augustus 1935:345]

*Die Kerkbode* het berig oor die plek waar Vorster sou arbei: “Nieuwe Kerk Kaapstad - Proponent J D Vorster is l l Saterdagmiddag georden tot medeleraar met ds P.B.Ackermann. Hy sal meer bepaald werksaam wees in die Hertzogsaal, Buitekantstraat.” [*Kb* 14 Augustus 1935:302] Die jong Vorster moes dus sy ouer kollega ds P B Ackermann, op daardie stadium ook

voorsitter van die ring, veral in die Duiwekop-wyk help.

Alhoewel Vorster ´n sterkgeboude jongman was, was hy ongelukkig om reeds op daardie jong ouderdom langdurige ongesteldheid deur te maak en vele operasies te ondergaan. Die baie operasies het veroorsaak dat sy maag en borskas later soos ´n padkaart gelyk het vanweë die baie snye wat kruis en dwars oor sy bolyf gestrek het. Tydens een van die operasies het hy volgens die snydokter onder die operasie "gesterf" en het die chirurg die teaterpersoneel versoek om die "lyk" se buik toe te werk voordat hy tot in die gang uitgestoot is. In Vorster se eie woorde is sy buik vervolgens slordig "toegewerk soos die gewoonte was om ´n koringsak met min en groot steke toe te werk". Volgens dokters was sy kanse om gesond te word gering en die gevolg hiervan was dat hy vir die res van sy lewe elke dag dele van sy bolyf in verbande moes toedraai.

Waarom dit hier gemeld word is omdat dit merkwaardig is dat hierdie siek jong man vir 45 jaar in aktiewe en veeleisende bediening kon staan as predikant en kerkleier sonder dat mense bewus was van die verbande wat hy daagliks moes dra. Dat Vorster hierdie "doring in die vlees" op so ´n lydsame wyse kon dra dat die grootste deel van die kerkpubliek onbewus was daarvan, was vir homself ´n rede tot groot dankbaarheid maar terselfdertyd ´n getuienis van die liefde van God wat hom geroep het en vir hom voorsien het in sy daaglikse behoeftes.

Vorster het ten spyte van sy siekte onverpoosd en met groot getrouheid in die gemeente gearbei. Uit gesprekke met gemeentelede blyk dit dat hy deur die genade van God daarin geslaag het om vir langer as vier dekades in een gemeente te bly, as ´n goeie herder tussen dieselfde kudde teen die hang van Duiwekop te bly woon en vars te bly in sy prediking. [Persoonlike onderhoud met Rietmann E 1993]

Die Duiwekop-wyk het hulle eredienste en ander byeenkomste in die Hertzogsaal gehou en sy groei was sodanig dat dit in 1944 as `n selfstandige gemeente met die amper vanselfsprekende naam, Tafelberg, tot stand gekom het met Vorster as hul eerste predikant.

Vorster het algaande deur die gemeentelike bediening en kenmerkende suiwer en reguit  prediking, maar ook onder andere deur lesings, artikels, korrespondensie en openbare optredes buite die gemeentegrense bekend geword. Vanaf die gemeente aan die voet van Tafelberg het sy arbeid en invloedsfeer binne die Kaapse Kerk uitgebrei totdat hy later deur sitting op rade en kommissies ´n invloedryke figuur in die Ned Geref Kerk geword het. Binne die kerkverband het lidmate vir hom groot respek gehad en al meer en meer aan hom die geleentheid gegee om sy talente in te span en sy invloed binne die Ned Geref Kerk te laat geld. In hierdie verband word in besonder gedink aan sy betrokkendheid by die Kaapse Ring, die Raad van Kerke, die Kuratorium van die Teologiese Seminarium te Stellenbosch, die Kaapse Sinode, *Die Gereformeerde Vaandel*, *NGTT*, *Die Kerkbode* en die Algemene Sinode. Sy leierskap in die aanloop tot kerkherstel in 1962 was voortreflik en sy opstel en bekendstelling van die kerkorde het groot agting in die kerk afgedwing.

Vorster se ordening te De Nieuwe kerk was slegs `n paar jaar na die Ned Geref Kerk se uitgerekte en duur hofsaak met professor Johannes du Plessis. Daarby was groot getalle van haar lidmate ook nog in die grootste armoede gedompel vanweë die depressie en kort daarna sou `n wêreldoorlog gevoer word wat die kerklike gemeenskappe in Suid-Afrika nie ongeskonde gelaat het nie.

In hierdie traumatiese gebeure het die lidmate opgekyk na die kerke en in besonder die Ned Geref Kerk vir leiding en hulp. Hierdie hulp was geestelik maar ook in `n groot mate op die terrein van algemene welsyn en die getuienis

is daar vir almal om te sien dat die kerk deur pastorale sorg en met behulp van haar talle welsynsorganisasies haar lidmate nie in die steek gelaat het nie. Daarvan getuig ook o a die Handelinge van die onderskeie sinodes van daardie tyd en, alhoewel dit buite die doel van hierdie studie lë, vorm dit `n belangrike deel van die Ned Geref Kerk se geskiedenis.

Wat die kerkregtelike sake betref was die Ned Geref Kerk in die woorde van prof E Brown besig om "sy regering voortgaande te verwerk. Sy geskiedenis en teologiese uitgangspunte is verantwoord. Kerkregering is gepaar met kerkregtelike besinning. Daarvan lewer die bediening van dr J D Vorster bewys." [*NGTT* Sept 1979:277]

Die Ned Geref Kerk sou in `n belangrike negentiende eeu talle uitdagings die hoof moes bied en homself verantwoord. [Van der Watt 1980:1] Op die kerkregtelike terrein was dit veral twee sake wat die Ned Geref Kerk gedurende die 19de en die 20ste eeu sou besighou t w om los te kom van die onderhorige posisie ten opsigte van die owerheid en om die kerkverband wat in 1862 verbreek is weer te herstel.

Wat die staat se houvas op die kerk betref, het dit veral in later jare gegaan oor die herroeping van Ordonannsie no 7 van 1843 wat as wet nog steeds die steen des aanstoots was. Wat die kerkhereniging betref, het die verlange na verlore eenheid uitgeloop op die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962. Hierdie twee groot sake op die kerklike terrein het albei op die tafel van meerdere vergaderings beland gedurende Koot Vorster se lang bediening. Dat hy dit beleef het en met entoesiasme en oorgawe ´n groot en leidende rol daarin gespeel het is in hierdie studie van belang.

Die eenheid van die kerk  is steeds onderling gesoek deur die Ned Geref Kerke wat in gemeentes vermeerder het en dit al moeiliker gevind het om groot sinodesittings te akkomodeer. [Brown in *NGTT* 1979:320]

Intussen het die Ring van Kaapstad se 84ste sitting vanaf die 9de tot die 11de September 1935 in Simonstad plaasgevind [*Kb* 11 September 1935:520] en dit was die nuwe predikant van De Nieuwe Kerk se eerste ringsitting. Hy verskyn ook op die foto wat in *Die Kerkbode* verskyn. [*Kb* 18 September 1935:551 ] By hierdie eerste Ringsitting wat Vorster bygewoon het is hy verkies op die Armsorgkommissie en die C J - en C S-Vereniging. [*Kb* 30/10/1935:832]

Baie van die jong predikant van Tafelberg se sienings ten opsigte van kerkregtelike sake het voorgekom in sy betrokkenheid in briefwisseling oor kerkregtelike sake. Een so ´n geval was sy deelname in die briefwisseling wat iemand onder die skuilnaam "Bekommerd" vir ´n paar maande in *Die Kerkbode* gevoer het.

Die eerste brief van "Bekommerd" het in *Die Kerkbode* verskyn ´n maand nadat Vorster as predikant georden is. Al wat die briefskrywer bereid was om van homself te sê, was dat hy van Kaapland was, maar uit die trant van sy briewe kon afgelei word dat hy ´n ouer kollega van Vorster moes gewees het. Binne kerklike geledere was dit ´n belangrike briefwisseling want alhoewel dit die gevaar ingehou het dat dit baie lidmate sou kon verwar, het dit die positiewe uitwerking gehad dat mense se beskouings oor belangrike sake geopenbaar is. Dit het ook aan kerkregkundiges die geleentheid gegee om daarop te reageer. Getrou aan sy aard het Koot Vorster aan hierdie briefwisseling deelgeneem en ´n behoudende kerkregtelike stem laat hoor.

Onder die opskrif: "Christus die deur: twee Rigtinge van die Kalvinisme" verskyn die eerste brief van "Bekommerd" op 25 September 1935. Dit was egter net die begin want heelwat briewe sou later hierop volg. [vgl *Die Kerkbodes* 25 Sept 1935:637; 2 Oktober 1935:680; 9 Oktober 1935:729; 16 Oktober 1935:774]

Volgens "Bekommerd" bestaan daar twee rigtinge van die Kalvinisme en hy

beskryf dit soos volg: “Die suiwer evangeliese rigting van die Kalvinisme, wat ons Kerk vir ´n driekwart eeu gekenmerk het, en die Neo-Kalvinistiese rigting, wat in die jongste kwarteeu (hoogstens) vir hom in ons land laat geld het.” [*Kb* 23 Oktober 1935:822]

“Bekommerd” noem die feit dat die Ned Geref Kerk volgens hom geleidelik van gedaante verander - minder in die leer self as in die toepassing en aanpassing daarvan in die lewe. Die een rigting vind sy beliggaming in die, wat hy noem, Enkel Geref Kerk en die ander in die Ned Geref kerk. Albei sê hulle is volbloed Kalviniste. Elkeen het sy eie intepretasie van Calvyn. In die laaste tien of vyftien jaar is daar volgens hom “geweldige magte aan die werk om ons Ned Geref Kerk van ons eie karakteristieke kenmerke te beroof en al meer en meer Enkel-Gereformeerd te laat word.” [*Kb* 25/09/1935:637]

Sy aanvoeling was “Die Ned Geref Kerk word veral gekenmerk deur sy sterk Evangeliese rigting, wat hy deur woord en daad handhaaf, terwyl dit stellig nie die uitstaande kenmerk van die (Enkele) Gereformeerde Kerk is nie “ [*Kb* 25/09/35:637] Hy gee toe dat dit daar nie absolute onderskeid is nie maar slegs heersende rigtinge. Die Evangeliese gesindheid is binne die Ned Geref Kerk in 50-60 jaar en het lede van die kerk tot groot dade aangespoor.

Volgens “Bekommerd” verhef die Enkel Geref Kerk die Wet terwyl die Ned Geref Kerk die Evangelie verhef; die Enkel Geref Kerk verhef die Ou Testament en die Ned Geref Kerk die Nuwe Testament; die Enkel Geref Kerk is meer wetties terwyl die  Ned Geref Kerk meer Evangelies is. Hy sê ´n sterk Evangeliese gees het die Ned Geref Kerk groot en roemryk gemaak - ook in die buiteland onder al die Evangeliesgesinde kerkgenootskappe sodat die Ned Geref Kerk in die buiteland beskryf word as die “mees Evangeliese kerk in die wêreld” [*Kb* 25/09/35:638] “Amper alle persone wat op die gebied van die Kerk en van die geestelike lewe in die ander lande gepresteer het, het vir hulle aangetrokke gevoel tot die Ned Geref Kerk van Suid-Afrika en het die Kerk

geroem" [*Kb* 25/09/35:638]

In ´n opvolgbrief wend "Bekommerd" hom spesifiek tot die terrein van die kerkreg. "Ook in die idee van die Kerk vind ons twee sterk belynde rigtinge van die Kalvinisme. Dit bring ons op die gebied van die Kerkreg." [*Kb* 2/10/35:680] Hy erken dat hy nie goed onderleg is in die Kerkreg nie, maar weet "in die Ned Geref Kerk word daar sterk onderskeid gemaak tussen Kerk en gemeente. Die gemeente is die kleinere liggaam wat deur bepaalde grense die een van die ander geskei is. Die Kerk daarenteen is die vereniging, ´n noue aaneensmelting van die verskillende gemeentes." [*Kb* 2/10/35:681] In die (Enkele) Gereformeerde Kerk bestaan die onderskeid nie, of altans lank nie in dieselfde mate as by ons nie. Wat ons gemeente noem, noem hulle Kerk." [*Kb* 2/10/35:681]

"En elkeen van die Kerke (by ons gemeentes) is outonoom, d w s heeltemal selfregerend. Daar bestaan ´n soort van kerkverband tussen die verskillende Kerke (gemeentes) maar die verband is baie los. Die een het eintlik geen seggenskap oor die ander nie - elkeen is sy eie baas. Dat sodanig ´n liggaam (as daar dan in hierdie geval in die geheel sprake van ´n liggaam kan wees) nooit iets groots tot stand kan bring nie, spreek amper vanself. " [*Kb* 2/10/35:681] In die verband wys hy daarop hoe iets soos sendingwerk bv. dan daaronder kan ly. "Hoe anders by ons", gaan hy verder. "Die verskillende gemeentes vorm die Kerk. Of miskien is dit beter so uitgedruk: die Kerk bestaan uit verskillende gemeentes en daardie liggaam, die Kerk, verenig hulle kragte om sekere groot dinge te onderneem en tot stand te bring, waarvan die sending maar net een is. Die gemeentes onderwerp hulle aan die gesag van die verenigde liggaam, en hulle werk saam en trek saam en oorwin saam! Daar is eenheid van wil, eenheid van doel, eenheid van strewe."  [*Kb* 2/10/35:681]

Oor lidmaatskap van ´n kerk sê "Bekommerd": "ek het dit nooit anders as so

verstaan nie, dat iemand in die eerste plaas ´n lidmaat word van die Kerk, en slegs in die tweede plaas ´n lidmaat van die bepaalde gemeente. En ek meen dat dit die standpunt van die Hervormde Kerk van Nederland en van al die ander Kalvinistiese Kerke van die wêreld, ons eie kerk inkluis, is. Net die (Enkele) Gereformeerde Kerk van Holland en in ons land maak hierop ´n uitsondering." [*Kb* 2/10/35:681] Hiermee het "Bekommerd" op ´n eerlike en uitdagende wyse die tipiese trekke van die Kollegialisme soos wat dit in sy kerkverband voorgekom het uiteengesit en verdedig.

Hy het homself nog dieper in die moeilikheid begewe toe hy met verwysing na die sinode verklaar: "Die (Enkele) Gereformeerdes dryf die spot met ons sisteem en by name met ons Sinode, wat ons as die hoogste regerende liggaam van ons Kerk beskou en eer. Hulle maak groot beswaar teen die uitdrukking hoëre en laere kerklike besture. Smalend spreek hulle soms van ons Sinode as die Protestantse Pous." [*Kb* 2/10/35:681] Die "(Enkele) Gereformeerdes" was natuurlik reg toe hulle die spot gedryf het met die tipies Kollegiale trekke binne "Bekommerd" se kerkverband.

Oor die gereformeerde kerkregering sê "Bekommerd": "Hulle boog daarop dat hulle kerkregering ongeskonde rus op die Kerkorde van Dordt. Ons doen dieselfde. Maar ons doen dit volgens ons interpretasie van die Kerkorde." Hy verduidelik verder: "Ons kerkregering is gebaseer op die Kerkorde van Dort.

Soos dit in die loop van jare gewysig en aangepas is op ons tyd en die omstandighede, waarin ons verkeer. En ek meen dat ons die volste reg daartoe het." [*Kb* 2/10/35:681] As "Bekommerd" hier praat van die Kerkorde van Dordt wat "gewysig en aangepas" is om die kerkverband se "tyd en omstandighede" te pas, is dit die Kollegialistiese bagasie wat die kerkverband sedert die Algemeen Reglement van 1824 saamsleep wat hier opdoem.

Die feit dat ‘n ouer kollega van Vorster so geglo en geskryf het wys net hoe ver

dinge binne die kerkverband op daardie stadium reeds al versleg het en die probleme wat ´n jong kerkregkundige soos Vorster in die gesig gestaar het. Veral ook as "Bekommerd" verder skryf dat die Skrif, volgens hom, nie in die Nuwe Testament haarfyn beskryf en verorden hoe ´n kerk regeer moet word nie. Paulus gee wel in sy briewe die meeste aanwysings, maar dit was die wording van die kerk en hy is ook in 68 n C oorlede. Uit die aard van die saak was daar toe maar min sprake van ´n georganiseerde kerk of kerkgenootskap.Dit versterk sy siening dat die vorm van kerkregering rekbaar behoort te wees en dat dit moet kan aanpas by veranderende omstandighede van die lewe. Daar moet volgens hom gewaak word teen stagnasie in enige vorm.

"Bekommerd" het dit in *Die Kerkbode* van 9 Oktober [1935: 728-729] oor sigbare en onsigbare of ware kerk gehad toe ander skrywers tot die debat begin toetree het. Ds Nico de Lange en ds J J Krige het op "Bekommerd" se skrywes reageer in die uitgawe van 14 Oktober [1935:773]; ds P W de Lange in die uitgawe van 30 Oktober [1935:883] en nog ander briewe verskyn in *Die Kerkbode* van 6/11/1935:924-926

In *Die Kerkbode* van 16 Oktober [1935:774] skryf "Bekommerd"oor die Doop en ywer vir siele wen wat vervaag omdat die wat uitverkies is in elk geval gered sal word sonder ons bemoeienis.

Hierdie briefwisseling het vir die jong Koot Vorster die geleentheid gebied om baie van sy kerkregtelike standpunte skriftelik in die kerk se amptelike orgaan te laat opneem. Slegs twee maande na sy bevestiging verskyn die jong Koot Vorster se eerste brief in *Die Kerkbode* van 23 Oktober [1935:82] Die moed wat hy gehad het om as jong predikant en aan die begin van sy bediening die pen op te neem teen ´n ouer kollega het by baie respek afgedwing.

In hierdie eerste brief van Vorster vra hy ´n "klein plekruimte"en draai hy geen

doekies om nie as hy “Bekommerd” kritiseer omdat hy “onverantwoordelike dinge op onverantwoordelike wyse gesê en daardeur skeiding en stryd aangebring wat nie op beginsels berus nie” [*Kb* 23/10/1935:82] Met volkome vereenselwiging met prof Keet verwys Vorster die briefskrywer na lg se rede: “Na Honderd Jaar.”

Vorster het in die eerste plek gereageer op die briefskrywer se stelling dat die Nuwe Testament nie die regering van die kerk beskryf en verorden nie. Vorster haal in die verband vir Keet aan: “Voorop staat dat de Gereformeerde kerkrecht bewust gegrond wil zijn op de beginselen voor de Kerkregering zooals die in het Woord van God zijn neergelegd; dat Woord dan beschouwd niet als ´n codex van wetsartikelen, maar als bevattende zekere beginselen die geldig zijn voor de instituering van de Kerk van Christus” *[Kb* 23/10/1935:821] Vorster vind dit jammer dat ´n bedienaar van die Woord die Skrifaanwysinge hieromtrent, al is dit volgens hom karig, verwerp ter wille van ´n onskriftuurlike teorie van die genootskapsidee van kerkregering.

In die tweede plek het Vorster gereageer op “Bekommerd” se uitspraak m b t die outomie van die plaaslike kerk. Hierin is Vorster dit ook met sy leermeester eens as hy prof Keet aanhaal: “Beide uit de Schrift. En uit de geschiedenis blijkt ontegenzeggelijk dat de plaatselike gemeente ´n voledige zelfstandige Kerk is, die voor haar bestaan niet afhankelik is van welke algemene instituut ook al , dat eerst aan haar recht van bestaan zou toekennen.” Vorster stel dit ronduit dat diegene wat dit verkondig Rooms is. [*Kb* 23/10/1935:821] “Ons hele regeringstelsel neem sy uitgangspunt in die outonomie van die plaaslike Kerk; immers die kerkraad het eie mag, die meerdere vergadering afgeleide mag. “Bekommerd” se voorstelling van die algemene liggaam om eenheid te waarborg, rus dan ook op ´n verkeerde begrip van die wese van die Kerk” [*Kb* 23/10/1935:821]. Vorster haal Keet nogmaals aan: “ Niet het algemeen verband is het eerste, en dan de plaatselike gemeenten, die daaruit ontstaan, maar omgekeerd” [*Kb* 23/10/1935:821]

Vir Vorster was dit ´n “onvergeeflike dwaling” om te leer dat die Ned Geref Kerk op die standpunt van die Hervormde Kerk van Nederland staan. Hy wys weer na Keet wat self gesê het dat die Ned Geref Kerk se Wette en bepalinge hemelsbreed verskil van die Reglement van die Hervormde Kerk van Nederland. Keet het die kollegialistiese kerkregering van die Hervormde Kerk met die grootste beslistheid verwerp omdat “die idee van die genootskap, wat regeer word deur laer en hoëre besture op die Kerk oorgebring word.” [*Kb* 23/10/1935:821] Vorster gee toe dat die genootskapsidee voor 1870 in teorie ´n mate van ingang in die Ned Geref Kerk gehad het maar “Bekommerd”, wat so bekommerd is oor vooruitgang, staan nog stil by 1870 want Keet het reeds gesê: “de genootschapsidee is verdwenen; niet langer is men lid van de genootchap in het algemeen zonder lid van de gemeente te zijn; maar men is lid van de gemeente die staat in het verband van de Ned Geref Kerk in Zuid-Afrika.” [*Kb* 23/10/1935:821]

In die laaste plek wys Vorster vir “Bekommerd” daarop dat die Ned Geref Kerk reeds in 1903 die woorde “hoër en “laer” vervang het met die woorde “meerdere” en “mindere” en die artikel wat aan die Sinode die hoogste wetgewende, regsprekende en besturende mag toeskryf het verval. [*Kb* 23/10/1935:821]

Met hierdie brief het die jong Vorster bewys gelewer van sy kennis en waardering vir die suiwer Gereformeerde Kerkreg. Veral as hy sy brief afsluit met die mooi wekroep: ”... alleen wanneer ons voort stoel op die aan ons eie Gereformeerde wortel, sal ons Kerk sy soewereiniteit in sy eie kring kan behou, en daardeur tot eer van God sy taak volbring.” [*Kb* 23/10/1935:821] Hierdie mooi oproep ten spyt, moes die jong leraar Vorster van Tafelberg seker ook teenstand verwag het. Dit gebeur toe ´n briefskrywer onder die skuilnaam “Toeskouer” in ´n bedekte verwysing na hom praat van die feit dat daar “predikante (veral jonge) is wat as kampvegters vir die Geref Kerk optree.” [*Kb* 13/11/1935:969]

Vorster reageer weer op “Bekommerd” in ´n brief in *Die Kerkbode* van 13/11/1935:970 waarin Vorster se respek vir sy leermeesters na vore kom. In dieselfde uitgawe skryf “Bekommerd” oor die twee rigtinge in die prediking.

In *Die Kerkbode* van 20 November handel “Bekommerd” se brief oor die sang, maar rig hy hom eers tot die jong korrespondent as hy hom direk aanspreek:

> “As die jeugdige broeder vatbaar vir goeie raadgewing is, sal ek hom graag met die volgende raad wil dien. Sal hy tot rus van sy eie gemoed vir hom tog maar nie versoen met die feit nie dat hy tot ´n welgeordende en aaneengeskakelde kerkgenootskap behoort met sy wettig gekonstitueerde mindere en meerdere besture, waarvan die meerdere wel terdeë gesag oor die mindere uitoefen en gehoorsaamheid en onderdanigheid van die mindere eis, en dat hy nie enkel behoort tot ´n gemeente, wat deur silwerdraadjies met 195 ander gemeentes verbind is nie? As hy dit heeltemal buite rekening laat, dan kan hy hom baie gou in botsing met die kerklike outoriteite vind, wat vir hom suur te staan kan kom.
>
> [*Kb* 20/11/1935:1017]

> “Bekommerd” vervolg: “Ons het in sulke sake niks met die beskouinge van wie dan ook te doen nie, maar met harde feite wat nou eenmaal nie weggeredeneer kan word nie; nie met wat mense wens of oordeel dat die kerkregering moet wees nie, maar met wat dit is, daarmee het ons dit te doen. Ons kerk-genootskap vorm ´n geheel, delende in mekaar se vreugde, delende in mekaar se smart en hy hoef tog nie te dink dat ons dit vir enige ander stelsel sal verruil nie. Hy moet maar probeer om die verandering in enige kerklike vergadering voor te stel en dan – wel, ek sal liewer nie sê wat sal gebeur nie.”
>
> [*Kb* 20/11/1935:1017]

> “Nog die ander dag” gaan ‘Bekommerd’ voort, “het ´n vooraanstaande predikant van die Presbiteriaanse Kerk een van ons vooraanstaande predikante op sy kantoor besoek en dit toe uitgespreek dat hy nie eens geweet het van ´n kerkregering onder die Kalvinistiese Kerke, soos deur die jeugdige broeder beskrewe is nie. Sover my bekend is, is ons kerkregering die van al die Presbiteriaanse Kerke in Skotland en Amerika (en waar nie oral nie) terwyl waarvoor die broeder so hartstogtelik opkom, beperk is tot ´n betreklik klein Kerk in Holland en ´n nog kleiner een in Suid–Afrika. Ek kan glad nie insien , waarom ek my oor hulle kerkregering moet moeg maak nie. Ek is heeltemal tevrede en tienduisende saam met my, met ons kerkstelsel, en ons sal dit verdedig net waar ons kan. Van my kant is dit nou klaarpraat.
>
> [*Kb*20/11/1935:1017]

Nog ander skrywers het in *Die Kerkbode* van 27 November [1935:1083-1090] op “Bekommerd” se briewe geantwoord voordat Vorster se volgende brief op 4 Desember verskyn het waarin hy andermaal met verwysing na dr Keet se stuk “ons pragtige en Skriftuurlike Presbiteriale regeringstelsel teen die heidense genootskapsidee” van “Bekommerd” verdedig het. [*Kb* 4/12/1935:1136]

Vorster beklemtoon weereens dat “ons kerk geen ooreenkoms met die Kollegialisme het nie” en “teenoor die Kollegialisme van die Nederl Herv Kerk , wat van bo af regeer word deur hoër en laer besture, handhaaf ons die Presbiteriale stelsel, waar die plaaslike Kerk outonoom is. Ongelukkig het “Bekommerd” dit so vreemd gevind dat hy hierdie suiwere standpunt weer met die Independentisme verwar het! Dis jammer aangesien ons duidelik gesê het dat ons teenoor die Independentisme, alwaar die meerdere vergadering geen gesag het nie, vashou daaraan dat die meerdere vergadering afgeleide gesag besit (Bouman)” [*Kb* 4/12/1935:1136]

Vorster beskuldig “Bekommerd” dat hy inkonsekwent is en bevooroordeeld teen alles wat Gereformeerd is, die Modernisme van die laaste jare hier kop uitsteek, hy die kweekskool in diskrediet bring, die professore sydelings van verraad beskuldig en die Kerk oorlewer aan die Modernisme. [*Kb* 4/12/1935:1136]

Ds J J le Roux het ´n lang brief geskryf oor die evangeliese rigting (metodisme) in Bekommerd se briewe [*Kb* 4/12/1935:1137-1139] en Dr JH Eybers het ook op “Bekommerd” se briewe geantwoord in *Die Kerkbode*. [*Kb* 20/11/1935:998 en 11/12/1935:1162]

´n Ander klank het gekom van ´n man soos ds H J Pienaar wat ook al vroeër sy plek ingeneem het aan die kant van die liberale idees. In hierdie bydrae van hom neem hy Vorster kwalik as hy sê hy voel jong broers pas uit die kweekskool [Vorster, de Lange ens] behoort “Bekommerd” wat langer in die bediening is met minder ligsinnigheid te benader en nie sy poging as waardeloos af te maak nie.[*Kb* 11/12/1935:1195] Nog kritiek teen Vorster en ander wat soos hy dink kom van ´n leser wat onder die skuilnaam “Sendeling” skryf: “Ons was al lank bekommerd oor die Enkel Gereformeerde rigting wat in die laaste jare so sterk opgang gemaak het in ons Kerk. ´n Mens merk dit op in die skrywe van manne soos Ds J D Vorster” [*Kb*18/12/1935:1244]

“Bekommerd” skryf voort in nog ´n brief waarin hy dit het oor die eksklusiwiteit van Enkel-Gereformeerdes. [*Kb* 18/12/1935:1246] waarop prof P J S de Klerk van die Geref Kerk ook vir “Bekommerd”geantwoord het [*Kb* 1/1/1936:35] Vroeg in die jaar 1936, egter, het “Bekommerd” met ´n laaste brief sy briefwisseling afgesluit. [*Kb* 1/1/1936:36]

Dank en waardering vir manne soos Vorster het darem ook nie uitgebly nie. In Januarie 1936 bedank ´n leser vir Vorster en ander jong manne vir hulle standpunt jeens “Bekommerd”.[*Kb* 15/1/1936:131]

In wat amper as ´n geloofsbelydenis van Vorster beskou kan word, antwoord Vorster in *Die Kerkbode* 22/01/36 op briefskrywer “Ligsoeker”:

> “...ek is nie ´n Dopper nie en verag die insinuasie as sou ons die Ned Geref Kerk wil verraai en oorlei na die Gereformeerde Kerk. Ons leef en stry alleen vir die Kalvinistiese leer, omdat dit die skoonste vertolking is van die Evangelie van onse Heiland en Meester. En in gehoorsaamheid aan onse Meester werk ons van harte saam met elkeen wat daardie beginsels huldig, of hulle nou in die Gereformeerde of Presbiteriaanse of welke Kerk ook al staan; en voel ons ons genoodsaak om in opdrag van die Skrif elkeen te bestry wat daardie suiwere waarheid aantas, al staan hy ook in die Ned. Geref. Kerk. Dit gaan immers nie om die handhawing van ‘n Kerk nie, maar om die belydenis van die waarheid Gods, die Evangelie van Christus.”
>
> [*Kb* 22/01/1936:186]

> “Nou, is die Kalvinisme en evangelieprediking te versoen? Versoening is nie nodig nie, want die twee is een, en kan nooit met mekaar stry nie. Wie Kalvinis is, erken die gesag van God oor die hele lewe en buig daarom onvoorwaardelik voor die Heilige Skrif, die ganse Bybel? En omdat Christus, as Verlosser deur Sy soenbloed, die middelpunt van die Skrifte is, daarom wil Kalvinisme niks anders wees as ´n vertolker van die Kruis-evangelie van Jesus nie. En daardie Evangelie van verlossing wil hy laat spreek oor die hele mens en al die sfere van die lewe. Dat dit nie net ´dorre leer´is, soos die “Bekommerdes” beweer nie, weet elke geskiedkundige. Want oor die eeue heen was dit altyd die Kalviniste wat die Kruisevangelie bely het en uitgedra het tot die wêreld. So het hulle onder Hoër Hand die Kruisevangelie teen Roomse goeie werkeleer en Modernistiese en Metodistiese selfverlossingsleer verdedig en gehandhaaf. Dit kon hulle doen,

omdat hulle genade vir genade gepleit het, met die verkondiging van die volle Christus. So streng het hulle altyd die redding deur Jesus bloed beklemtoon dat Moderniste hulle spottend genoem het "Bloedteoloë" En om naderby te kom, ook in ons Kerk was dit die Kalviniste wat die Kruisevangelie gehandhaaf het teen die deur ongelowige wetenskap bevrugte modernisme. Hulle was daar die kampvegters vir Skrif - en Vleesgeworde Woord."

[Vorster *Kb* 22/01/36:186]

In sy kenmerkende strydlustige styl vervolg Vorster:

"Vanwaar dan die aanval op die Kalvinisme? Hierdie vraag antwoord homself. Immers die aanvallers skryf feitelik deurgaans onder skuilname. Waarom? Elkeen wat weet wie die "Bekommerde" is, weet dat dit is omdat hulle name nie te vinde is onder hulle wat in die afgelope jare aan die kant van die Kerk vir die volle Woord, en absolute gesag van Christus gestry het nie. Toe was die wetenskap meer as die Christus-Evangelie, omdat Christus onkundig was! Toe moes jy die Bybelwaarheid ontrou wees ten behoewe van die geleerdes! Toe het Ds Pienaar vergeet om Dr A Murray aan te haal, omdat hy vierkant teen die redeverheerlikende Modernisme was! Toe het "Bekommerd" vergeet om vir Proff Hofmeyr en Marais op te kom teen die "verligtes", wat hulle as verouderd beskou het! Maar vandag wil "Bekommerd" samewerking met almal hê, net nie met Gereformeerdes nie. Daar was ´n vrede geroep en oor verdraagsaamheid gepreek; maar nou sien ons dat dit net moet lei tot samewerking met die ou-Kalvinste en kwasi-Kalviniste!"

[Vorster *Kb* 22/1/36:186]

"Kalvinisme en Metodisme", sit Vorster sy betoog voort, "kan nie sonder prysgewing versoen word nie, omdat Metodisme

die mens met sy behoeftes, sy wil bokant alles verhef, terwyl die Kalvinisme die wil van God, die Woord van God en die eer van God as die alles-dominerende beskou. So beskou die Metodis die mens nie dood in die sonde en misdade nie, maar net siek en derhalwe nog by magte om iets tot sy saligheid by te dra deur die wilinspanning, terwyl die Kalvinis, op grond van die Skrif, bely dat ons dood is, die dood verdien en in die dood sal bly, as God Hom nie in genade ontferm en ons soos ´n vuurbrand uit die vuur ruk nie. Dit kom daarop neer dat die Metodis sê: 'Jy moet jou eers bekeer, en dan sal God jou aanneem en wederbaar', terwyl die Kalvinis glo dat niemand God kan en wil aanneem nie, alvorens die Here nie uit genade, om Christus soenverdienste deur die werkinge van die Heilige Gees, die wedergeboorte in hom gewerk het nie (Joh 6:44). Dus omdat die Metodis leer dat Christus die saligheid alleen moontlik gemaak het, en die Kalvinis leer dat dat Christus die saligheid ook werklik gemaak het; omdat Metodisme die genade verwater met verdienste en die Kalvinisme die suiwere genade leer, daarom staan hulle onversoenlik teenoor mekaar. Die geskiedenis bevestig dit daarin dat Whitefield die prediker wat die herlewingsbeweging met Wesley, die vader van die Metodisme, begin het, hom later van die Wesleyanisme afgeskei het."

[Vorster *Die Kerkbode* 22/1/36:186]

Vorster sluit af:

"En omdat die Metodis die verdienste deur eie wilsinspanning op die voorgrond stel, daarom rig hy hom altyd tot die gevoel met ´n hartroerende toespraak, wat ´n teks vooraan het. Daarom kom dit vir hom nie so seer daarop aan wat die mens glo nie (leer), maar wel of hy vroom is. Daarenteen sal die

> Kalvinis in sy prediking Skrifuitlegger wees, en sal hy hom rig tot die volle mens, verstand, gevoel en wil. Die heerlike Evangelie-waarheid sal hy met die erns van sy lewe en die oortuiging van geloof ontvou in die geloof dat Gods Woord 'lewendig en kragtig' is en nooit leeg tot Hom sal terugkeer nie. Dit mag nie koud en dor afgerammel word nie, maar met die ywer van ´n Spurgeon en die besieling van ´n Kuyper op die gewetens van die mense aangedryf word. Die insinuasie van 'Bekommerdes' soos 'Student' e a as sou ´n Kalvinistiese prediker noodwendig dor leerstellig wees, is of kwaadwillige laster of vergeeflike onkunde, wat in elk geval minagting vir die geopenbaarde waarheid van God verraai. Geskiedenis en ervaring bewys dat Skrifuitlegging altyd die heerlikste blywende vrugte afwerp. By die Woord wil ons bly, want dit skenk ons die heerlike Kruisevangelie waarop die wêreld wag."
>
> [Vorster *Kb* 22/01/1936:186]

Wat Vorster se treffende korrespondensie in *Die Kerkbode* gedurende hierdie maande so merkwaardig maak, is die feit dat hy so sieklik was en kort-kort onder operasie moes gaan. Reeds in Februarie word berig: "Ds J D Vorster, tweede leraar van die Nuwe Kerk, Kaapstad, het ´n ernstige operasie in die Volkshospitaal ondergaan, wat onder die seënende hand van die Heer gunstig afgeloop het. Hy is vinnig herstellende, en saam met sy gemeentelede en vele vriende verenig ons ons in danksegging tot God vir gebedsverhoring" [*Kb* 19/02/1936:337]

> Alhoewel "Bekommerd" sy briefwisseling formeel afgesluit het, neem hy weer die pen op in ´n brief in Die Kerkbode en sê o a: "Voor my studietyd is daar hoegenaamd niks aan die kerkeg in die Kweekskool gedoen nie, en die Kerk het hom heel goed daarby bevind. Ek glo werklik nie dat dit enige skade daardeur

> gely het nie. In ons Wetboek het die Kerk dit duidelik neergelê, hoe hy regeer moet word, wat die liggame is wat die beheer oor hom het, ens. Dis myns nederig insiens baie beter so: dat daar geen skerpe beleid oor die saak neergelê word nie, maar dat dit die Kerk vrystaan om van tyd tot tyd aan die reeds bestaande bepalinge nuwes te voeg, of oues te kanselleer, ooreenkomstig die omstandighede en behoeftes van die tyd. ´n Paar grondstellinge sal daar stellig moet wees, waaraan daar nie getorring mag word nie, maar vir die orige moet daar in hierdie saak groot vryheid aan die Kerk gelaat word."
>
> [*Kb* 26/02/1936:431]

"Bekommerd" sê: "Ek hou vol, in ons Kerk is die kerkraad nie outonoom nie. En ek wil dit nog ´n maal uitspreek: Met ´n kerkstelsel, waarvan die outonomie van die kerkraad een van die hoekstene is, kan niks groots tot stand gebring word nie." [*Kb* 26/2/1936:431]

Vorster se siekte gedurende 1936 was sodanig dat hy meer as een keer by die dood omgedraai het. Daarvan getuig ook die berigte wat in die nuusblaaie oor hom verskyn het. Dit was veral *Die Kerkbode* wat in die grootste lojaliteit sy lesers op hoogte gehou het van die jong predikant se siektetoestand. Die volgende paar berigte word aangehaal om ´n aanduiding te kry van die erns en duur van Vorster se siekte.

Sy gesondheid het oor ´n tydperk van baie maande wipplank gery en nadat dit weer ´n keer verbeter het word berig:

> "Ons gemeente kan waarlik getuig van gebedsverhoring. Drie weke gelede het ons leraar, Ds Vorster, skielik onder operasie gegaan vir blindedermontsteking. Sy toestand was baie gevaarlik, maar die kindere van die Heer het eendragtig volhard in die gebed en die Sondagmôre na die erediens het die plaas-

> vervangende predikant, Ds Bekker, ook geleentheid aan die gemeente gegee om voor te gaan in die gebed. Die gemeente het toe vuriglik vir haar leraar gebid. Ds Vorster maak goeie vordering en gaan binnekort op vakansie. Mag die Heer Sy kneg spoedig herstel, sodat hy sy werk kan hervat."
>
> [*Kb* 187/3/1936:540]

Op ´n ander plek word die goeie tyding van Vorster se herstel gebring onder die hofie Kranke Leraars: "Dit is gelukkig ook die geval met Ds J D Vorster, van die Nieuwe Kerk, Kaapstad, wat na sy terugkeer van siekverlof weer ernstig krank geword het en wie se toestand besorgdheid verwek het." [*Kb* 3/6/1936:1086]

´n Meer volledige berig oor Vorster se siekte verskyn in Junie 1936: De Nieuwe Kerk Kaapstad. "Ds J D Vorster het die eerste beroep aangeneem en is in Augustus 1935 hier georden. Van daardie tyd af het ruim honderd lidmate uit ander gemeentes hier by ons aangesluit. Ongelukkig is Ds Vorster vier maande gelede baie ernstig siek geword, en moes twee gevaarlike operasies ondergaan Tussen die eerste en tweede operasie het hy probeer om sy werksaamhede te hervat, maar het in die Sondagskool so siek geword, dat hy vir die tweede maal na die hospitaal moes vervoer word. Sy laaste preek op daardie Sondag was oor die val van Adam en Eva in die Paradys, toe hulle verlei geword is deur die slang. Ons is bly om te kan meedeel dat Ds Vorster mooi beter word." [*Kb* 17/6/1936:1182]

Op Dinsdag 13 Julie 1936 moes Vorster egter ´n ernstige operasie in die Volkshospitaal ondergaan - sy 4de binne 5 maande. Die blad Gereformeerde Vaandel het sy lesers gevra om voorbidding te doen vir die mede-leraar van die Nieuwe Kerk Kaapstad. [*GV* deel 4 no 9 September 1936:282]
Vorster kon die siekte net nie afskud nie. In Julie word weer vir hom voorbidding gevra: "Ds J D Vorster, tweede leraar van De Nieuwe Kerk,

Kaapstad, is nog steeds onder doktersbehandeling. Hy bevind hom nou in die Volkshospitaal, Kaapstad, om die nodige kragte te versamel ten einde nogeens ´n operasie - die vyfde- te ondergaan. Ons verstaan dat hierdie operasie ´n baie ernstige is, en die beproefde broeder maak aanspraak op die voorbidding van Gods volk. Hy het gedurende die laaste maande deur diepe waters gegaan, en soms is aan sy lewe gewanhoop, maar God is hom genadig gewees en het uit duisternis en swakheid hom telkens tot die lig opgebring en hom weer vryelik doen asem haal. Mag die Hemelse vader sy lewe genadiglik spaar, hom die kragte ten volle teruggee en hom ryklik met Sy genade begiftig tot Sy eer." [*Kb* 15/7/1936:9]

"Ds J D Vorster - Die vyfde operasie in enige maande tyds is verlede week op hierdie broeder leraar van die Nieuwe Kerk, Kaapstad in die Volkshospitaal met sukses gedoen. Daar was wel grote besorgdheid, maar die Heer het genadiglik veler gebede vir Sy kneg verhoor." [*Kb* 22/7/1936:140]

"Ds J D Vorster, wat in dieselfde hospitaal onder ernstige operasie was, is nog daar. Hy vorder mooi onder omstandighede. Ons lesers sal tog ook aan hom in hulle gebede dink. [*Kb* 29/7/1936:186]

"De Nieuwe Kerk, Kaapstad - Hierdie gemeente het vir ´n tydlank onder ´n donker wolk verkeer weens die ernstige siekte van sy mede-leraar, Ds J D Vorster. Ongeveer twee weke gelede het hy weer ´n baie delikate operasie ondergaan, maar dit het die Here behaag om andermaal sy lewe te spaar. Vir die teenswoordige is sy lewe buite gevaar en maak hy betreklik goeie vordering. Waarskynlik sal hy vroeg in Augustus die hospitaal kan verlaat, maar dit sal nog etlike maande duur alvorens hy sy werksaamhede kan hervat. Intussen tree Prop J P Strumpfer op as sy plaasvervanger." [*Kb* 29/7/1936:189]

## 7.2 INTERKERKISME

Terwyl Vorster nog glad nie gesond was nie is sy aandag gevestig op ´n saak waaroor hy sterk gevoel het naamlik, “Interkerkisme”. In *Die Soeklig* van 15 Augustus [1936:218] het ds D J Malan ´n artikel geskryf wat Vorster genoop het om daarop te reageer. So het sy bydrae dan ook in die *Gereformeerde Vaandel* van September [1936:273] verskyn onder die hofie, Interkerkisme, waarin hy vanuit die Heilige Skrif en belydenisskrifte sterk wal gegooi het teen dit wat hy genoem het Interkerkisme.

### 7.2.1 Agtergrond van interkerkisme in Suid-Afrika

Wat die voorkoms van interkerkisme in Suid-Afrika betref moet daar op gelet word dat die Ned Geref Kerk gedurende die 18de eeu nie meer die enigste kerk in Suid-Afrika was nie. Naas die Lutherse kerk was daar die Roomse Kerk, ´n hele paar buitelandse sendinggenootskappe en ´n paar sektes wat in ons land werksaam was. Dit het tot gevolg gehad dat die onderskeie kerke oor gemeenskaplike sake met mekaar kontak gemaak het en sterker of minder sterker bande met mekaar gesluit het. In wese was dit geloofsbande wat die kerke, waaronder ook die Ned Geref Kerk, oor die grense van taal en kerkregeringstelsels in interkerklike verhoudinge aan mekaar gebind het. [vgl Van der Watt 1980:74]

´n Bondige uiteensetting van die Ned Geref Kerk se interkerklike verhoudinge word deur Van der Watt [1980:75- 78] gegee.

* Wat die verhouding met die *Roomse Kerk* betref, het die Ned Geref Kerk sy lidmate deur die kerklike vergaderinge, prediking, huisbesoek en kategese teen die dwalinge van eersgenoemde gewaarsku.

* Met die *Presbiteriaanse Kerk*, wat in kerkleer en kerkregering nader aan die Ned Geref Kerk gestaan het, was daar ´n gemakliker verhouding. Die twee kerke het dikwels verteenwoordigers na mekaar se sinodes gestuur, interkerklike konferensies gehou, oor en weer in gemeentes opgetree en by die sinode van 1857 selfs ´n versoek gehad dat die Presbiteriaanse

gemeentes by die Ned. Geref. Kerk ingelyf word.

* In die *Anglikaanse Kerk* het die Ned Geref Kerk egter ´n groter gevaar gesien al was daar by tye mooi samewerking. Die Vrystaatse Sinode het selfs in 1878 gewaarsku teen die “onbijbelse leringe van die Anglikaanse kerk”. Dis beskou as ´n gevaarlike vyand wat onder ´n protestantse mantel optree.

* Met die *Kongregasionaliste* het die Ned Geref Kerk in ´n goeie onderlinge gees van verdraagsaamheid verkeer alhoewel nuwe lidmate vanaf die Independente kerke aan ´n deeglike ondersoek en oordeel van die betrokke kerkrade onderwerp is.

* Met die *Wesleyaanse Kerk* en die *Baptiste* was daar ook samewerking en goeie onderlinge verhoudinge. Die Ned Geref Kerk het egter die beste samewerking gehad met die Lutherse Kerk. Hierdie twee kerke het selfs soms hulle predikante en kerkgeboue uitgeruil.

Ds Andrew Murray was die man wat die interkerklike verhoudinge bly dryf het. In 1842 het predikante van ´n aantal kerke in Kaapstad die behoefte gevoel aan nouere vriendskap en gemeenskap en begin met weeklikse bidure. Dit het baie gou ´n organisasie geword met die naam: “Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond waaraan Nederduitse Gereformeerde, Skotse Presbiteriaanse, Independentistiese, Anglikaanse en Metodistiese leraars meegedoen het” [Van der Watt 1980:79] Die onderskeie kerke het gesamentlike biddae gehou vir droogte, oorloë ens. In 1857 het die sinode selfs sover gegaan as om te besluit dat kerkrade self kan oordeel oor die toelating van leraars van ander kerkgenootskappe op hulle kansels en lidmate van ander genootskappe binne die kerk. ´n Verdere besluit was dat daar briefwisseling sal wees met ander Gereformeerde Kerke. [Van der Watt 1980:80]

### 7.2.2 Vorster se siening van Interkerkisme

In die genoemde artikel van Malan in *Die Soeklig* het hy te kenne gegee dat die Christendom van sy eenheid bewus moet word en hande moet vat met alle christelike kerke en so saamstaan teen die anti-christelike wêreld. Dit moet in

Suid-Afrika gebeur soos wat dit reeds besig is om in ander lande soos bv Amerika te gebeur. ”Ons word dus gedwing om tot ´n nuwe waardering te kom van wat nou eintlik die waarde van belydenisskrifte en kerkregeringsvorms is en in hoeverre hulle ´n rol gaan speel in die samestelling van die Christendom van die toekoms” [*Die Soeklig*,15/8/1936:218]

Malan gaan voort: “Sal die Kerk van sy belydenisskrifte wapens maak nie alleen teen die wêreld maar teen mede-christene ? Die weg tot gelykheid is dan duidelik nl, dat daar veel minder van tradisie en leerstellings gemaak moet word en veel meer van die Woord van God en veral van Gods Seun, Jeus Christus. Laat die belydenisskrifte bestudeer word en ook die van ander kerke, as waardevolle historiese geskrifte wat dan as leerboek van die teologie kan dien, maar nooit om as enigste toetssteen te dien om te bepaal wie in Christus is of nie.” [*Die Soeklig*, 15/8/1936:219] Die groot onderskeid in die wêreld behoort tussen die Christusbelyers en nie-belyers te wees. Met minder klem op die belydenisse sal daar minder kans op verwydering wees.. Dit sal volgens ds Malan van die christendom, “die mees verenigde volk op aarde maak.” [*Die Soeklig*, 15 Augustus 1936:219]

In die antwoord wat Vorster aan Malan gegee het word baie van die gereformeerde kerkregkundige se siening duidelik. Vorster sê dat daar elke tien jaar ´n nuwe beweging na vore kom wat hom aandien as gids vir die belydeniskerk en die nuweling nou is die Interkerkisme. [Vorster *GV* September 1936:273] Hierdie beweging het, volgens hom, voorheen buite die gevestigde kerklike kringe beweeg en wel in die CSV, Oxford Groep ens. maar dit het nou binne die kerk gekom deurdat besoekende buitelandse leraars dit vanaf die kansels van die Ned Geref Kerk verkondig. Hy sien hierdie beweging as ´n “verbroedering en versameling in een kerk van almal wat maar die naam van Jeus noem. Of Jesus waarlik Gods Seun en self ook God was, of Hy plaasvervangend vir sondaars gesterf het, moet nie gevra word nie. Want dit

bring ´n bepaalde belydenis mee, en sulke belydenisse veroorsaak verdeeldheid.” [*GV* Sept 1936:273]

Interkerkisme is ´n samesmelting van verskillende kerke, Roomse en sektes inkluis. Vorster ontmasker hierdie beweging en vind dit onaanvaarbaar. In die artikel verwys hy na die herkoms van die beweging voordat hy dit daarna ontleed in die lig van die Heilige Skrif en die geskiedenis. Hy sien die beweging as die samesmelting van twee gedugte maar terselfdertyd populêre strominge t w die Pantëisme wat alle grense verbreek ,ook die tussen God en die mens, en Humanisme (mensverheerliking) wat die mens op die voorgrond stel. Dit alles mond, volgens hom, uit in die Modernisme.

Interkerkisme, sê Vorster, “ken nie die leer van die Skrif nie en so het dit ook ´n afkeer in die kennis daarvan as ´n welgeordende geheel wat sy neerslag deur die geskiedenis heen onder leiding van Gods Gees in ons belydenisskrifte gevind het. Welliswaar is alle belydenisse nie die vrug van die suiwere samevatting van die Skrifinhoud nie, maar langs die weg van die geskiedenis staan tog, na Gods belofte, die suiwere belydenisskrifte as sovele mylpale wat voortwys ons absoluutvolle en heerlike waarheidsbelydenis, wanneer die lig van die Ewige ons in die Ewigheid sal omstraal. Hierdie belydenisse staan vandag daar met Gods goedkeuring as getuienisse teen die dwaling.” [*GV* September 1936:276]

Vorster stel op die eenheidsstrewe van die Interkerkisme dan die vraag of die belydeniskerk dan teen eenheid is en geen eenheidsstrewe het nie. Hy stel dit duidelik dat die belydeniskerk ook eenheid voorstaan maar, “volgens Gods Woord kan ware eenheid alleen bereik word deur betragting van die waarheid. Onverbiddelik moet dan afgewys word alle strewe na eenheid wat nie in die waarheid gegrond is nie. Want so ´n eenheid is nie christelik nie, aangesien Christus die Waarheid is. Waaragtig een in Christus word dus alleen hulle wat ook een in waarheid is. Dit word deur die hedendaagse Interkerkisme verby

gesien. " [*GV* Sept.1936:277]

## 7.3 KAAPSE SINODE 1936

By die Kaapse Sinode wat vanaf 22 Oktober 1936 in sitting was woon Vorster sy eerste Sinodesitting by en verskyn sy naam saam met ouderling Rosing as mede-afgevaardigde van De Nieuwe Kerk Kaapstad ( Kerk No 104) . [Handelinge Sinode 1936:166] Volgens ´n mededeling wat Vorster later gegee het, het hy a g v sy siekte hierdie sinodesitting in ´n rolstoel bygewoon.[Vorster Persoonlike onderhoud 1981]

By die deurgaan van die Handelinge van hierdie sinode is dit opvallend dat Vorster, ten spyte van sy jeugdigheid, aktief deelgeneem het aan die verrigtinge en belangrike insette gelewer het. Sy betrokkenheid blyk o a uit die volgende: Tydens die sinode is hy verkies tot die Kommissie vir Studentevereniging [Hand Sinode 1936:174] Verder neem hy deel aan die debat oor die Oxford Groep [Hand Sinode 1936:225] en is medeopsteller van twee mosies wat aanvaar word nl. oor Sending in die Soedan [Hand. Sinode 1936:185] en saam met ds P N V de Lange oor Christelike Onderwys [Hand Sinode 1936:215] Saam met lg. dien hy ook ´n mosie in vir die oprigting van ´n Christelike Normaal Kollege [Hand Sinode 1936:239] Hierdie saak is toe na die Opvoedingskommissie verwys waarvan Vorster ´n lid was. [Hand Sinode 1936:240] Toe ´n verslag oor hierdie saak uitgebring word verskyn die name van Vorster en De Lange aan die kant van die Minderheidsverslag. Hierna is die saak na die Sinodale Kommissie verwys. [Hand Sinode 1936:294]
Die sinode het ook ´n voorstel van Vorster dat Aanbeveling 6 van die Tydelike Kommissie vir belydenisskrifte aangeneem word aanvaar. [Hand Sinode 1936:237]

Vorster ammendeer ook ´n mosie van die Aktuarius m b t Sinodale kollektes en die sinode aanvaar Vorster se ammendement [ Hand Sinode 1936:251]

Met die aanwys van die Permanente Kommissie vir Studente: Universiteite en Kolleges ( Kommissie no 25) verskyn Vorster se naam ook daarop. [Hand Sinode 1936:266] ´n Rapport oor die Beroepstelsel het voor die sinode gedien, [Hand Sinode 1936:281], asook ´n rapport oor die verhouding tussen kerk en Christelike verenigings. Vorster was lid van lg. kommissie [Hand Sinode 1936:283]

Dat Vorster so aktief deel gehad het aan die eerste sinode wat hy as jong predikant bygewoon het en dit ook nog terwyl hy ongesteld was is merkwaardig.

## 7.4 VORSTER SE YWER VIR DIE CALVINISME

Ter bevordering van die Calvinisme het Vorster en prof Stoker in Oktober ´n oproep oor Koers in die Krisis gedoen. “Die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings (F C S V) in Suid-Afrika het besluit om D V in 1939 bande 2 en 3 van Koers in die Krisis uit te gee.” Hulle wou die bande so goedkoop as moontlik uitgee en dus vir finsiële hulp gevra van elkeen wat”belangstel in ons Calvinistiese erfenis” “Ons volk het vandag Calvinistiese bolwerke meer as ooit nodig” [*GV* Okt.1937:318] By die Calvinistiese Studentevereniging op Stellenbosch se openingsvergadering het Vorster die woord gevoer oor Calvinisme- *Die Boodskap vir Vandag* [*GV* Maart 1938:95]

In 1939 tree Vorster op dertigjarige leeftyd in die huwelik met mej Louisa Monnik, ´n verpleegster. “Sy kon hom nie net wat die liggaam betref, versorg nie, maar was as iemand wat uit een van die vooraanstaande families uit Gereformeerde kring in Nederland gespruit het, vir hom steeds tot hulp en steun. “ [Potgieter F J M *NGTT* September 1979:273]

## 7.5 KAAPSE SINODE 1940

By hierdie 29ste sinode wat vanaf 17 Oktober 1940 gehou is, was Vorster saam met sy mede-leraar, ds Ackermann die afgevaardigdes. [Hand Sinode

1940:195] Vorster het weer sy kant gebring in die besprekings en besluite. Saam met W A Alheit word ´n voorstel ingedien i v m die Volkshospitaal wat besluit van die vergadering word [Hand Sinode 1940:275] en met J J Muller punte van verslag aangaande Arbeid onder Kollege- en Universiteit- studente. [Hand Sinode 1940:289 en 290] Vorster vra revisie insake besluit oor Grahamstad [Hand Sinode 1940:291] en spreek hom uit oor CNO en Kultuurraad. [Hand Sinode 1940:297 en 298] Verder dien hy op die Permanente Kommissie vir Studente aan die Universiteite en Kolleges [Hand Sinode 1940:306] en die Kommissie wat oor die Beroepstelsel verslag moet doen. [Hand Sinode 1940:315 en 316] Hy neem verder, onder andere, deel aan die bespreking oor Vakunies. [Hand Sinode 1940:328] asook oor die Vrymesselaars. [Hand Sinode 1940:342]

## 7.6 VORSTER MEER BETROKKE BY KOERS IN DIE KRISIS 1941

Die F C S V S A [Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings van SA] is so aangespoor deur die goeie ontvangs wat Koers in die Krisis deel 1 gehad het dat dit hulle aangespoor het om voort te gaan met die verdere dele. Prof Stoker het ingewillig om redakteur te bly, maar omdat prof F J M Potgieter na Holland vertrek het vir verdere studie is Vorster gevra om as mede-hoofredakteur op te tree "waartoe hy hom dan ook bereidwillig verklaar het" [*GV* Deel 9, Nommer 5, Mei 1941:159]

In ´n Verslag van die Calvinistiese Studentebond sê die Publikasie-Komitee: "Ongelukkig moes die Komitee in hierdie verband sedert die begin van die jaar die bekwame dienste van Ds J D Vorster as mede-redakteur ontbeer. Ons dank hom van harte vir die werk wat hy gedoen het i v m die Calvinisme. Aan hom en aan sy gade wil ons sê: Hou goeie moed. U staan nie alleen in die stryd nie!" [*GV* Augustus 1942:202]

## 7.7 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1944

By die Raad se vergadering in 1944 het kerkvereniging vir die eerste keer in ´n

lang tyd weer op die sakelys sy verskyning gemaak. Dit was na aanleiding van ´n beskrywingspunt wat die Sinodale Kommissie van Transvaal aan die Raad gerig het met die versoek om weer die kwessie van organiese vereniging te bespreek. [Van Staden 1973:418] Die vergadering het op hierdie saak positief gereageer deur ´n kommissie van ondersoek aan te wys. [Van der Watt 1987:8]

## 7.8 1944 SINODE VAN TRANSVAAL - NOG STEEDS POGING TOT HERENIGING

Die Transvaalse Sinodale Kommissie het weereens in 1944 die inisiatief geneem en in ´n beskrywingspunt die Raad van Kerke versoek om die samespreking oor kerkvereniging te heropen. ´n Aksie wat ook deur die Kaapse Sinode in 1945 verwelkom is. [vgl Van der Watt 1987:8-9] Hierdie Sinode het ook die Sinodale Kommissie opdrag gegee om aandag te gee aan die moontlikheid van die hou van `n "verkleinde Sinode" [Brown in *NGTT* 1979:302]

## 7.9 VORSTER AS PREDIKANT BEVESTIG TE TAFELBERG 1944

In 1944 was Koot Vorster vir sy negende jaar in De Nieuwe Kerk Kaapstad waar hy as jeugdige predikant saam met die ouer kollega in die bediening gestaan het. Sy bediening was in besonder in die Duiwekop-wyk en daar het hy waarskynlik goeie werk gedoen want die wyk het besonder mooi gegroei en selfs aan afstigting begin dink. Die feit dat die Hertzogsaal in hierdie wyk geleë was en groot genoeg was vir eredienste sou seker verdere stukrag gegee het aan die gedagte van ´n eie gemeente.

Op 25 Oktober 1944 word ´n nuwe gemeente dan ook in Kaapstad gestig met die gepaste en veelseggende naam Tafelberg. Min het die jong Vorster geweet dat hy en die nuutgestigte gemeente ´n lang verbintenis sou hê wat tot in 1979 sou strek.

By die stigting van die gemeente het hulle ´n pragtige, groot Notuleboek gekoop en Vorster het voor in die boek ´n inleiding in sy eie handskrif geskryf. Hy het dit die hofie gegee "Pro Memoria". Daarin het hy, vanweë sy liefde vir geskiedenis, die ontstaan-geskiedenis van die gemeente, die geskiedenis rondom die kerkgeboue asook die feite rondom die stigting van die gemeente Tafelberg in 9 bladsye neergepen. [Kerkraadsnotule 1944:1]

Sy eerste paragraaf lui:

> "Op 25 Oktober 1944 is die gemeente Tafelberg met sentrum van aanbidding die Hertzogsaal, Buitekantstraat deur die Ringskommissie van die gemeente De Nieuwe Kerk afgestig, en also het die toekomsdroom van die groot weldoenster van hierdie gemeente mej Susanna Maria Johanna Hertzog werklikheid geword. En hoewel sy reeds op 8 Januarie 1897 die ewige heerlikheid ingegaan het, en dus nooit die vervulling van haar wens en ideaal gesien het nie, sal haar naam altyd deur die gemeente Tafelberg met besondere dankbaarheid in ere gehou word."
>
> [Kerkraadsnotule Tafelberg, 1944:1]

Alhoewel die wenslikheid van afstigting geruime tyd onder bespreking was was dit eers formeel in Junie 1944 op die tafel. Die kerkraad van De Nieuwe Kerk het eers ´n kommissie aangewys om die saak te ondersoek en op 12 September 1944 is die verslag bespreek. Nadat alle dienende en rustende kerkraadslede van die wyk eenparig vir afstigting was, is daar in Vorster se eie woorde en handskrif, " ´n gemeente vergadering op 4 September 1944 byeengeroep. Hierdie goed bygewoonde gemeentevergadering het eenparig ´n versoek tot afstigting aan die Kerkraad van De Nieuwe Kerk gerig. Op 12 Oktober 1944 het die Kerkraad eenparig daarin toegestem en dit aan die twee leraars opgedra om die nodige stukke vir die Ring in orde te bring". [Kerkraadsnotule Tafelberg 1944:6]

Vorster notuleer verder:

> "Op ´n Spesiale vergadering van die Ring van Kaapstad op Vrydag 20 Oktober 1944 het Ds J D Vorster die aansoek van die Kerkraad om afstigting van die wyk Buitekantstraat voorgedra, waarop die Ring aan sy Ringskommissie opdrag gegee het om die afstigting te bewerkstellig. Op Woensdag 25 Oktober 1944 het die Ringskommissie bestaande uit Ds F S Malan(Voors.), Ds E G du Toit (skriba) en Ds W S Conradie alle belanghebbendes in die Hertzogsaal Buitekantstraat ontmoet ten einde die gemeente af te stig."
>
> [Kerkraadsnotule, Tafelberg 1944:7]

Na ´n plegtige opening het ds Malan sy dankbaarheid en blydskap te kenne gegee dat die wyk van De Nieuwe Kerk so gegroei het dat die wyk die ring om afstigting kon vra. Hy het aangekondig dat "die Ring eenparig besluit het om aan die versoek te voldoen. Nadat hy die vergadering se gevoelens oor die naam van die gemeente getoets het is die gemeente afgestig met die naam Tafelberg " [Kerkraadsnotule Tafelberg 1944:7]

Onder voorsitterskap van ds M N van Rensburg van Woodstock, konsulent van die gemeente, het die "lede wat aangestel is tot haar eerste kerkraad deur die Ringskommissie, op ´n informele wyse vergader in die konsistorie kamer van die Hertzogsaal, Buitekant Str Kaapstad op Donderdagaand 2 November 1944 om 7.30 N M " [Kerkraadsnotule Tafelberg, 2/11/1944:10]

By hierdie geleentheid wens die voorsitter die aanwesiges geluk met die werk waartoe hulle geroep is en dat hulle met die stigting van ´n nuwe gemeente die eerste kerkraadslede sal wees. Hy sê die doel van die vergadering is om die nodige reëlings te tref, "om sake in hulle regte gange te stuur tot tyd en wyl die kerkraadslede bevestig is en by mag sal wees om sake formeel oor te neem. Met nadruk is daarop gewys dat voorstelle en besluite wat op hierdie

vergadering geneem mag word nie bindend en van krag sal wees alvorens dit nie voor ´n volgende gewone kerkraadsvergadering gelê en by daardie geleentheid aangeneem en bekragtig word nie.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 2/11/1944:10]

Lidmate in die wyk wat Vorster bedien het was lief vir hom want hulle het vir geen oomblik daaraan gedink om ´n ander leraar te beroep as vir hom nie. Dit blyk duidelik uit die notule van die ´n “Breëkerkraadsvergadering” wat op Maandag 13 November 1944 gehou is onder voorsitterskap van die konsulent. By daardie geleentheid is nominasies gevra vir die amp van leraar en is Vorster die enigste leraar wie se naam op die nominasielys verskyn. Hierna het die voorsitter, blykbaar sonder enige stemming, verklaar, “dat Ds J D Vorster wettiglik beroep is tot eerste leraar van die Gemeente.” [Kerkraadsnotule, Tafelberg 13/11/1944:13]

Onmiddelik na afloop van hierdie vergadering is, steeds onder voorsitterskap van die konsulent,´n gewone kerkraadsvergadering gehou waartydens ´n beroepsbrief voltooi en onderteken is. Verder is enkele ander sake van die gemeente asook die versorging van die leraar bespreek. Op hierdie vergadering notuleer die tydelike skriba ook: “Die besluite van die vorige informele vergadering, nadat dit een vir een weer noukeurig nagegaan en uiteengesit en weer bespreek word, word algemeen aangeneem.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 13/11/1944:14]

Die ontvangs van die nuwe leraar was die belangrikste saak op die “ 1ste Buitengewone Kerkraads-vergadering gehou op 28ste November 1944" [Kerkraadsnotule Tafelberg 28:11:1944:15]

Met die ontvangs van die leraar agter die rug, is die volgende notule in Vorster se handskrif en wel die van die gewone kerkraadsvergadering van 14 Desember 1944.

Op hierdie vergadering is al die vorige notules behoorlik onderteken en Vorster word aangedui as voorsitter. Wanneer hy in die amp van voorsitter verkies is, is nie genotuleer nie en dit wil dus voorkom of die kerkraad dit as vanselfsprekend aanvaar het. As voorsitter lees Vorster uit Titus 1:5-16 en "spreek hy na aanleiding van die gelese deel oor die roeping van die kerkraad. Oudl Malan verwelkom Ds Vorster namens die Kerkraad, beloof die volle steun van die Kerkraad en spreek die bede uit dat die Here onse werk saam sal seën." [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/12/1944:17]

Met die kennis van Vorster se persoonlikheid en agtergrond kan ´n mens glo dat hy hier by die aanvang van ´n nuwe gemeente en met hom as die enigste leraar voor heerlike en uitdagende geleenthede te staan gekom het. Hy was duidelik opnuut aangevuur vir die bediening.

By die bestudering van die kerkraadsnotules vanaf 1944 kan die leser ´n idee kry van die wyse waarop Vorster in die gemeentelike sake ook die spoor van die gereformeerde kerkreg gevolg het. Hy het in elk geval nou die geleentheid gehad om voortaan sy eie stempel af te druk en dit blyk ook baie duidelik uit die notule van die eerste vergadering en die volgende kerkraadsnotules.

Op die volgende vergadering en wel op die van 25 Januarie 1945 lees Vorster uit die kerkwet die artikels wat op die verkiesing van kerkraadslede betrekking het aan die vergadering voor. Dit sou in die toekoms elke keer so gebeur wanneer kerkraadslede verkies word. Hierdie vergadering verdaag vir 20 minute toe ´n ernstige siekte aangemeld word. Alhoewel dit nie pertinent so aangeteken is nie, is dit uit die notule duidelik dat Vorster die tyding persoonlik opgevolg het.

Soos wat ´n mens van ´n gereformeerde kerkregkundige kon verwag, blyk dit uit die kerkraadsnotules, dat Vorster van die begin af sterk leiding gegee het en gefokus was op goeie orde en dissipline binne die kerkraad en gemeente.

So het hy bv tydens die eerste paar vergaderings reeds persoonlik sorg gedra dat diensvoorwaardes vir alle betaalde amptenare opgestel is, dat besprekings aan die hand van aanbevelings geskied, dat besluite sorgvuldig genotuleer word en dat werk deur kommissies gedoen word met ordentlike verslae aan die kerkraad Sy hand kan ook duidelik gesien word in die vergaderingsprosedures wat gevolg is.

Vir kommissies wat getroue werk doen en goeie verslae voorlê het hy groot waardering gehad [Kerkraadsnotule Tafelberg 9/8/1945:72] en op die vergadering van 8 Maart 1945 besluit die vergadering dat Vorster lid word van die Finansiële Kommissie. [Kerkraadsnotule Tafelberg 8/3/1945:41- 42]
As Calvinis het Vorster alles in sy vermoë gedoen om ook liefde vir die Calvinisme te kweek. So het die kerkraad gunstig gereageer op sy versoek om 300 brosjures wat oor Calvinisme handel gratis in die gemeente te versprei. [Kerkraadsnotule Tafelberg 8/3/1945:41-42] Hy het ook vir die kerkraad toestemming gevra vir ´n byeenkoms van die Calvinistiese Bond se tak Kaapstad in die Strewerssaal een maal per maand en dit word goedgekeur [Kerkraadsnotule Tafelberg14/6/1945:56]

Vir die Afrikaner was die stad in daardie jare nie altyd ´n vriendelike plek vir soverre dit sy taal en kultuur aangegaan het nie. Daarom is daar seker begrip vir die kerkraad toe hy besluit het om ´n Kultuurfees wat deur die Kaapstadse Skakelkomitee van die FAK vir 6 Augustus georganiseer word, van die kansel af te kondig. [Kerkraadsnotule Tafelberg 12 /6/1945:63-64]

Die gevaar is altyd dat predikante wat baie besig is met arbeid in die breër kerkverband die bediening in die eie gemeente kan afskeep. In Vorster se geval was dit egter nie so nie. Hy het nie sy herderlike werk in die gemeente afgeskeep nie. Een van die beste bewyse hiervan is die feit dat daar besluit is dat daar voortaan by elke vergadering voor die lees van die notule ´n geleentheid geskep sal word waartydens die geestelike belange van die

gemeente bespreek sal word. [Kerkraadsnotule Tafelberg 12/6/1945:63-64] Dit was dan ook in gesprekke met lidmate baie duidelik dat Vorster te alle tye eerlike en harde aarbeid aan die geestelike opbou van die gemeente bestee het.

### 7.9.1 Vorster se liefde vir die Jeug

Alhoewel Vorster hom die meeste van die tyd besig gehou het met groot kerkregtelike aangeleenthede binne die kerk was hy lief vir kinders en jongmense. Lidmate van Tafelberg het altyd met groot lof gepraat van die jaarlikse Sondagskool-piekniek. Dit was, volgens hulle, die enigste geleentheid in die jaar dat hulle hul leraar in ´n kortbroek gesien het. Dan het hy die swart pak en wit das verruil vir onspanningsklere om saam met die kinders te ontspan. Vir diegene wat Vorster goed geken het was dit ´n openbaring om te sien met watter gemak hy tussen kinders kon verkeer en hoe hulle hom geniet het. Kinders het ook graag aan sy voete gesit en na die talle stories geluister want hy was ´n bobaas-storieverteller. In die Tafelberg-gemeente het hy getrou meegeleef met die jongmense in die kerk en selfs al hul bedrywighede getrou bygewoon waar dit vir hom moontlik was. Met sy belangstelling in die studerende jeug het hy later lid geword van die Kuratorium en dit vir baie jare gebly.

Sy vertroue in die jeug was aan almal bekend. In die verband skryf hy: “Ons volk het vandag, deur God begenadig `n puik jeug wat, as hulle die regte leiding en hierdie gesonde opvoeding kry, hulle volk en kerk nie in die steek sal laat nie!” [Vorster *GV* Feb 1941:52]

### 7.9.2 Vorster oor Huisgodsdiens

Vir Vorster was die herstel van die huisaltaar van die grootste belang. Vir die gelowige is huisgodsdiens, volgens hom, nie maar een van die om-te-ewe-dinge nie of selfs ´n saak van eie smaak of eie keuse nie maar ´n moet wat voortspruit uit die plek wat die Skepper aan die huisgesin in die samelewing toegeken het. [Vorster *Kb* 21 Mei 1958:910] In aansluiting by Geesink was

huisgodsdiens dan vir hom ook ´n privaat erediens.

Verarmde Afrikaners wat vir beter werksgeleenthede na die stede getrek het, het baiekeer in die groot stad “verlore” geraak en van die kerk afgedwaal. Dit het die predikante in die stede in die hart gegryp en hulle kon en wou dit nie so los nie. Dis in die verband dat Vorster op ´n stadium vir kerkraadslede en gemeentelede gevra het om alle kerklos en kerklose Afrikaanssprekendes op te soek en na die eredienste uit te nooi. Met reg is daar ook met groot verontwaardiging en teleurstelling kennis geneem toe die kinders van die Kindersendinghuis verbied is om langer die dienste by Tafelberg by te woon. Die voorsitter het dadelik opdrag gekry om die saak met die betrokke persone op te neem. [Kerkraadsnotule Tafelberg 25/7/1945:66-67]

By die gewone kerkraadsvergadering van 9 Augustus 1945 tree die besluit in werking om die gemeente se geestelike sake te bespreek alvorens die notule gelees word. Dit toon dadelik en duidelik dat dit ´n goeie besluit was, want die vrugte het nie uitgebly nie. Vorster se erns oor die tug kom hier na vore as hy tydens hierdie bespreking meld van twee tuggevalle wat hy reeds opgevolg het met besoeke. Nog goeie besluite volg as daar besluit word dat ´n kommissie bestaande uit die leraar, wyksouderling en nog ´n beskikbare ouderling in die toekoms sensuurgevalle sal opvolg en aan die kerkraad verslag doen. [Kerkraadsnotule Tafelberg 9/8/1945:68]

Vorster gee aan die hand dat elke broeder by elke vergadering in die toekoms verslag sal doen oor die geestelike toestande in sy wyk. As pastor het hy belanggestel in elke gemeentelid se geestelike welsyn. Hy moedig kerkraadslede en die susters van die gemeente weer aan om na kerklos mense uit te reik. [Kerkraadsnotule Tafelberg 9/8/1945:68]
Vorster het nooit gedurende die jare van sy bediening finansiële rykdom beleef nie. By die vergadering van 9 Augustus verlaat Vorster die vergadering terwyl daar besin en besluit word oor geldelike hulp vir die herstel van sy motor.

[Kerkraadsnotule Tafelberg 9/8/1945:73]

## 7.10 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1945

Nadat die saak van kerkvereniging vir ´n aantal jare nie op die sakelys van die Raad van Kerke was nie, het dit op die vergadering van 1945 weer op die tafel verskyn in die vorm van ´n beskrywingspunt wat deur die Sinodale Kommissie van Transvaal deurgestuur is. Die vergadering het ´n Kommissie vir kerkvereniging benoem. [Van Staden 1973:418] By hierdie vergadering is die gedagte van `n verkleinde sinode ook nie ondersteun nie. [Brown in *NGTT* 1979:302]

## 7.11 KAAPSE SINODE 1945

In 1944 het die Kaapse Sinode nie vergader nie a g v die oorlog maar het wel toe in 1945 vanaf Donderdag 18 Oktober tot 14 November vergader vir die 30ste sitting. [*GV* November1945:2] Vorster was afgevaardigde van die Tafelberg gemeente by hierdie sinode wat allerweë beskou is as een van die belangrikste sinodes ooit.

In die Verslag van Scriba Synodi word die stigting van nuwe gemeente Tafelberg deur Ring van Kaapstad op 25 Oktober 1944 ter tafel gelê en goedgekeur. [Hand Sinode 1945:53] Wat sommige by die sitting mag verbaas het is die Verslag van die Alg Sinodale Kommissie wat meld dat die 100jarige bestaan van Ord No 7 van 1843 feestelik gevier word. [Hand Sinode 1945:64]

By hierdie sinode in 1945 is dit interessant dat Vorster, na tien jaar in die bediening, oor ´n wye terrein aan besprekings deelneem en selfs op ´n paar kommissies verkies word, maar opvallend stil is in sake wat sy vakgebied, die kerkreg, raak.

So het hy bv deelgeneem aan die bespreking oor Spesiale Evangelisasie predikers [Hand Sinode 1945:285], word verkies op die Tydelike Kommissie vir

Opvoeding [Hand Sinode 1945:264] en die Tydelike Kommissie vir Stoflike en Geestelike Noodleniging in Holland en stamverwante lande. [Hand Sinode 1945:270]

Hy dien voorstelle saam met ds S J L Marais in oor die S A B V -kommissie wat aanvaar word, [Hand Sinode 1945:275], dr G Kikillus oor die Vrymesselaars (dat die sinode die besluit van 1940 handhaaf) wat aanvaar word [Hand Sinode 1945:440] en saam met ds K W Heese oor Godsdiensleerplan en wat na Tydelike Kommissie verwys word waarvan hy ´n lid is. [Hand Sinode 1945:323 en 326] Wanneer die verslag oor die Beroepstelsel egter dien is dit vreemd dat Vorster nie deel van die kommissie is nie en hy ook nie aan die bespreking deelneem nie alhoewel hy ´n boek oor die Beroepstelsel gepubliseer het.[Hand Sinode 1945:342] Hy is wel deur hierdie sinode as lid van die permanente Opvoedingskommissie verkies. [Hand Sinode 1945:39]

Die Sinode het dit ook verwelkom dat die Raad van Kerke weer die saak van kerkhereniging ter tafel geneem het.[Van der Watt 1987:8]

In die kerkraad van Tafelberg het Vorster, as voorsitter, die ordelike pad van hardwerkende  kommissies geloop en op die eerste vergadering van die kerkraad in 1946 is ´n paar kommissies saamgestel. Dit was na aanleiding van ´n besluit reeds op die laaste vergadering in 1945geneem is. [Kerkraadsnotule Tafelberg13/12/1945:98] Die kommissies wat die kerkraad saamgestel het, is die Gebouekommissie, Koorkommissie, Finansiële Kommissie, Dingaansfeeskommissie, Sendingkommissie,en Jeugkommissie [Kerkraadsnotule Tafelberg 13/12/ 1945:98; 17/1/1946:100-101]

Die ampte van ouderling en diaken is deur Vorster baie ernstig opgeneem en een van die beste bewyse hiervoor is te sien in die feit dat die reëling in Tafelberg was dat alle verkose kerkraadslede per brief van hulle verkiesing in

kennis gestel is. Hulle is versoek om dit biddend en ernstig te oorweeg en skriftelik daarop te antwoord. So, byvoorbeeld, het een van die broers, br Booysen, die kerkraad in kennis gestel dat hy hom “die benoeming as ouderling laat welgeval” en is dit deur die vergadering aanvaar. [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/5/1946:120]

Rondom die kwessie van tug rapporteer Vorster tydens ´n vergadering van ´n tugsaak en die vergadering besluit: “Aangesien die jongedogter waaragtige berou het, word die sensuur wat alreeds begin het by die Magdalena-tehuis opgehef; en dit word aan die Voorsitter en ouderling Malan opgedra om die verhouding van die Kerkraad aan haar te verduidelik.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 25/4/1946:116]

Volgens die notules blyk dit tog dat die tug gereeld toegepas is in die Tafelberg-gemeente. Nadat Vorster ´n tugsaak aan die kerkraad gerapporteer het besluit die vergadering (ouderlinge en diakens): “Dat die Voorsitter saam met ouderling Malan en diaken Johnson aan haar meedeel dat sy onder sensuur deur die kerkraad geplaas word, en dat bogenoemde broeders op die volgende vergadering rapporteer hoe die saak gevorder het.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 16/7/1946:137]

Hier word kennis geneem van die feit dat Vorster, anders as wat die Kerkraad op 9 Augustus 1945 besluit het, toegelaat het dat diakens saam met ouderlinge oor tugsake handel en dat dit vir hom klaarblyklik kerkregtelik korrek was om ´n diaken deel te maak van ´n opvolg-kommissie. By die volgende vergadering het die voorsitter gerapporteer dat die betrokke kommissie wat aangewys is die dame “aangesê het dat sy onder sensuur is vir ´n onbepaalde tyd.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 8/8/1946:138]

Tafelberg-gemeente het ´n behoefte aan goeie grense tussen die gemeentes geindentifiseer en dit sou telkens op die tafel van die kerkraad beland. Dit het

ook na vore gekom in ´n verslag wat na die ring moes gaan en deur die voorsitter aan die vergadering voorgehou is. Die gedeelte wat handel oor die stand van godsdiens in die gemeente is goedgekeur tesame met die volgende wysiginge: "Baie mense het egter gebreek met die kerk as ´n mens moet oordeel na hulle kerkbesoek; en die saak van kerklike dissipline word ´n aktuele kwessie. Met die oog hierop voel ons die noodsaaklikheid van grense des te sterker." [Kerkraadsnotule Tafelberg 8/8/1946:140]

Onder Vorster se leiding het Tafelberg deurgaans die nodige erkenning, lojaliteit en samewerking aan die kerkverband gegee. Dit is onder andere duidelik uit die korrespondensie van die kant van die sinode, ring, ander gemeentes en goedgesinde organisasies wat van tyd op die kerkraad se tafel beland het en deur Vorster as voorsitter deeglik gelees en behandel is.

Vir ´n saak soos die uitbreiding van die getal kerkraadslede is buitengewone kerkraadsvergaderings belê. [Kerkraadsnotule 21/8/1946:146] en dis opvallend dat Vorster elke keer by die verkiesing van kerkraadslede die betrokke wetsartikels gelees het. [Kerkraadsnotules 10/9/1946:148]

Na aanleiding van ´n versoek dat elke kerkraad twee afgevaardigdes na ´n anti-kommunistiese kongres in Pretoria sal stuur, volstaan die Kerkraad met ´n telegram ter ondersteuning. [Kerkraadsnotule 10/9/1946:155] Dit moet ook aangeteken word gesien in die lig van Vorster se afkeur van die ideologie en sy latere aktiewe bestryding van kommunisme toe hy voorsitter van Antikom geword het.

Onder Vorster se ordelike leiding is daar in die gemeente van Tafelberg streng opgetree rondom kinders se "aanneming". So word besluit, "....name van katkisante met die oog op die Oktober-Aanneming voor einde Februarie op die rol staan en gedurende die maande Februarie tot die Aanneming mag hulle nie meer as 4 keer sonder kennisgewing afwesig wees nie." [Kerkraadsnotule

10/9/1946:155]

Die baie arm mense in die gemeente het die kerkraad se aandag ontvang en Tafelberg het ´n sogenaamde Armesorgfonds opgebou. Daaruit is daar meer as een keer alimentasie toegestaan aan behoeftige lidmate. [Kerkraadsnotule 12/11/1946:165]

Ordentlike grenslyne tussen Tafelberg en Groote Kerk en die handhawing daarvan het later in die jaar weer ter sprake gekom. So is dit ook weer bespreek op die Kerkraadsvergadering van 12 Desember 1946. [Kerkraadsnotule Tafelberg 12/12/1946:169]

In persoonlike gesprekke met tydgenote van Vorster is dit telkens genoem dat sy gemeentelede in die laat dertigerjare reeds groot respek vir hom gehad het en verwag het dat hul jong predikant dit “nog ver sou bring in die kerk.” [Persoonlike gesprekke 1980]

### 7.12 VORSTER LID VAN PERMANENTE SINODALE REGSKOMMISSIE

Word daar gevra na die tydstip waarop Vorster in `n posisie was om invloed uit te oefen op werksaamhede van die kerkverband sou dit moeilik beantwoord kon word omdat hy reeds op Stellenbosch as teologiese student sterk leiding geneem het. Hy het ook vanaf sy eerste dag in die bediening groot belangstelling getoon in die algemene werksaamhede van die kerk wat hy liefgehad het. Hy het vanaf 1936, ´n jaar nadat hy hulp-prediker in De Nieuwe Kerk geword het, gereeld die ringsittings en sinodes bygewoon.

Indien daar tog ´n datum neergepen moet word vir Vorster se “intrede” in die breër kerklike lewe sou die jaar 1947 miskien uitgesonder kon word. Die Permanente Regskommissie wat by die Kaapse Sinode van 1945 benoem is se samestelling het in hierdie jaar vir die eerste keer verander toe een van die vier lede, dr D R Snyman, uit die kommissie bedank het omdat hy die pos van

Sondagskoolsekretaris in Kaapland aanvaar het. In sy plek het die Sinodale Kommissie die leraar van Tafelberg benoem en hy het die benoeming aanvaar.

Volgens die kommissie se verslag aan die sinode van 1949 was die voorsitter, prof B B Keet se gesondheid nie altyd na wense nie en het die skriba, ds J F Mentz, ook intussen `n beroep na Hennenman in die Vrystaat aangeneem. Ds J F Naude is as nuwe skriba gekies maar het kort daarna gesterf en so het die pos van skriba weer vakant geword. Die kommissie kon eers weer in Maart 1949 konstitueer en by daardie vergadering is Vorster as skriba verkies. [Hand Sinode 1949:334] Vir `n jong predikant wat lief is vir kerkreg sou sitting op hierdie belangrike kommissie natuurlik `n groot geleentheid wees. Hy was hier op ´n vroeë leeftyd in ´n besonder gunstige posisie om in die Kaapse Kerk invloed uit te oefen.

Om enigsins invloed uit te oefen moes hy in die kerk gehoor word en daarvoor het sy sittingsreg op kommissies die regte geleentheid geskep. Veral toe hy op `n belangrike kommissie soos die Permanente Regskommissie verkies is en daarby ook nog skriba daarvan geword het. Vorster was reg geposisioneer om binne die kerk saam te dink oor uitdagings en sy eie oplossings aan te bied. Partykeer sou hy die nuwe gedagte iewers in `n brief of vergadering ens. opper of ou gedagtes sterk ondersteun en dan, so wil dit voorkom, `n bietjie terugtrek en op die agtergrond bly om dit dan meer “subtiel” langs `n ander pad en deur ander mense na vore te laat kom. Indien hierdie stelling korrek is, sou hy dit natuurlik alleen kon regkry as hy oor `n wye gebied invloed kon uitoefen. Indien ander lidmate sy gedagtes kon “koop” en dit belangrik genoeg geag het om dit hul eie te maak en selfs daarvoor op te staan. Dis dan ook wat meer as een keer gebeur het.

Sy aanvoeling vir die gereformeerde kerkreg het vroeg al aandag getrek. “As voorsitter van die Regskommissie en Toesig en Kontrole van die Kerk in

Kaapland het hy besondere dienste gelewer.” (Potgieter in *NGTT* 1979:275) Wat het van die gemeentewerk geword toe Vorster op verskeie kommissies binne die kerkverband begin beweeg het? Dit is bekend dat predikante wat op verskeie kommissies begin dien altyd in die versoeking kom om hulle arbeid in die eie gemeente af te skeep. In gesprekke met gemeentelede in Tafelberg was hulle dit eens dat so iets nooit van Koot Vorster gesê sou kon word nie. ´n Klein maar insiggewende voorbeeld is die optrede van die kerkraad op sy vergadering van 11 Maart 1947 bv. toe Vorster bedank is vir die feit dat hy selfs sy vakansie opgeoffer het om as voorsitter van die vergadering op sy pos te wees. [Kerkraadsnotule Tafelberg 11/3/1947:189]

´n Karaktertrek van Vorster wat oral respek afgedwing het, was sy getrouheid aan sy beginsels en dat hy nie geskroom het om daaroor sy stem te laat hoor nie.  So bv het hy die moed gehad om ´n gerepekteerde kerkleier en kollega van hom, dr A J van der Merwe van die Groote Kerk, per brief te versoek om offisieël sy teenwoordigheid op ´n staatsbal op 21 April te repudieer. Dr van der Merwe het die jonger Vorster per brief geantwoord en sy brief is voorgelees tydens ´n Kerkraadsvergadering op 25 Mei 1947. Die kerkraad het daarvan kennis geneem en was tevrede.[Kerkraadsnotule Tafelberg 27/5/1947:198]

Omstandighede het die streng gereformeerde kerkregkundige by uitsonderlike gevalle genoop om iets van die kansel af te kondig sonder dat die kerkraad dit onder die oë gehad het. So het hy bv ´n kollekte vir die noodlydendes in Duitsland afgekondig en dit ook laat opneem sonder dat die kerkraad daarvan bewus was.  Hy het egter vinnig verskoning gemaak en gemeld dat hy nie die geleentheid gehad het om eers met die kerkraad te raadpleeg nie. Die kerkraad het agterna sy optrede gekondoneer. [Kerkraadsnotule Tafelberg 27/5/1947:200]

Mense wat Vorster beter geken het was bewus van sy humor en jovialiteit wat

agter sy soms stugge voorkoms geskuil het. Iets wat meer as een keer in die gemeente gebeur het, was die kere dat Vorster alle kerkraadslede na die pastorie genooi het vir ´n geselligheid. Dit het hy ook gedoen by die Kerkraadsvergadering van 10 Junie 1947 by geleentheid van sy eggenote en moeder se verjaarsdag. [Kerkraadsnotule Tafelberg 10/6/1947:203]

### 7.13 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1947

In 1947 is daar weer `n poging aangewend om tot vereniging te kom maar dit het op niks uitgeloop nie. [Vorster in *NGTT* 1979:328]

Die kommissie wat in 1944 aangewys is om die saak van vereniging te ondersoek, het ´n uitvoerige verslag by hierdie vergadering ingedien. In hierdie verslag is daar ´n volledige uiteensetting van die geskiedenis van vereniging gegee asook ´n sterk aanbeveling "dat oorgegaan moet word tot organiese vereniging volgens ´n bepaalde skema in ooreenstemming met die Vereniginsakte van 1911." [Van der Watt 1987:8; Van Staden 1973:418] Die kommissie was onder die sterk leiding van dr W M Nicol wat "probeer het om lewe in die doodsbeendere te blaas" [Du Toit in *Die Voorligter* Oktober 1962:11]

"Eers word die besware teen kerkvereniging opgenoem en weerlê en dan die weg aangewys hoe dit kan gebeur. Hy dink aan ´n Algemene Sinode wat verklein is en aan provinsiale sinodes." [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11] Dit het uit die verslag sowel as die minderheidsverslag geblyk dat daar glad nie eenstemmigheid oor die saak was nie [Van der Watt 1987:8] ´n Minderheidsrapport onder die naam van ds D P Ackerman het, volgens Du Toit, "´n nuwe spook opgejaag nl die Du Plessis-saak." Fundamentele verskille is rondom hierdie sake in die kerk blootgelê. 'Nou moet die kerk eers verenig word en dan moet ´n minderheid van predikante en ouderlinge in die Synodus Contracta hierdie interpretasie aan die kerk gee.' [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11]

Die saak het andermaal afgespring en dit was duidelik dat die tyd nog nie ryp was vir vereniging nie. [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11] Eensgesindheid oor hierdie belangrike strewe wat in die harte van so baie lidmate geleef het, het steeds ontbreek. Die saak is ander maal aan ´n kommissie toevertrou en gevolglik is besluit om van die saak af te stap. [Van der Watt 1987:8; Van Staden 1973:418]

In sy gemeentelike bediening het Vorster baie intens met sy gemeente en die Afrikanervolk in die breë saamgeleef. So het hy meer as een volkskongres bygewoon maar ook onder andere die groot Volkskongres wat van 1 tot 4 Julie 1947 in Johannesburg gehou is en deur meer as 700 afgevaardigdes bygewoon is. Die kongres is byeengeroep om aandag te gee aan die geweldige verskuiwing van die Afrikaners van die platteland na die stede [*GV* Julie 1947:4-5] en vir hom as predikant in ´n stedelike gemeente sou dit van groot en direkte belang wees. In sy verslag van hierdie kongres noem Vorster dat so ´n grootskaalse verstedeliking van volkere nie vreemd is nie maar vir die Afrikaner was dit ´n trek, "van ewe diep-grypende betekenis as die Groot Trek, honderd jaar gelede." [Vorster *GV* Julie 1947:5]

Die nood van die Afrikaner en in besonder die Afrikaner wat, soos hyself, vanaf die platteland na die stad verhuis het was vir hom van die uiterse belang. As verstedelike plattelander het hy eerstehandse kennis van die uitdagings en probleme van die verstedelikte volksgenoot gehad. In daardie sin was hy die regte leraar vir ´n stadsgemeente en was Tafelberg gelukkig om so ´n dinamiese herder te hê wat hom so ten volle en met oorgawe met sy gemeente kon identifiseer.

Vorster sê die verstedelike moet hom in die stad aanpas by ´n nuwe lewe en in die proses kom hy meer as een keer in botsing met volksvreemde kultuur- en lewensopvattinge. Baie keer het dit tot gevolg dat die Afrikaner in die stad uitsak. "Die gevaar van afval en van geestelike en sedelike en maatskaplike

ontwrigting is ontstellend groot. Die Afrikaner loop juis daarom gevaar om in die stad sy eie aard en karakter en ook sy geloof te verloor." [Vorster *GV* Julie 1947:5]

Soos reeds gesê het Vorster die besluite van meerdere vergaderings met die nodige erns bejeën en laat hy as voorsitter by die kerkraadsvergadering van 14 Oktober 1947 ook weer die besluite van die Ring puntsgewys behandel [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/10/47:232]

Dat Vorster goeie werk gedoen het in die gemeente en geliefd was by sy gemeentelede kom miskien die duidelikste na vore die keer toe hy ´n beroep na Paterson ontvang het maar besluit het om dit nie op te volg nie. Vir die kerkraad en gemeente was dit baie goeie nuus dat Vorster besluit het om by Tafelberg te bly. Op die eerste kerkraadsvergadering reageer die kerkraad op sy bedanking en dit word so genotuleer:

> "br Swanepoel stel voor as onbestrede mosie die volgende wat staande deur die Kerkraad aangeneem word nl. Daar ons leraar die beroep na die gemeente Paterson van die hand gewys het, wil die Kerkraad hom die versekering gee dat sy besluit om langer by ons te bly toegejuig word - ons weet dat die werk in die stad veelsydig, veeleisend en dikwels moeilik is, maar dit het ons getref dat die werk vir ons Herder ´n lus is - Die Raad waardeer die persoon en die werk van ds J D Vorster omdat hy beginselvas, onpartydig, onverskrokke, beleefd waardig, taktvol en altoos helder is , het die gemeente in hom ´n ware leier - Sy suiwere Skrifverklaring en sy ernstige prediking word op prys gestel.
> Die Raad wil sy innige dank aan die Here betuig vir wat hy deur sy Kneg aan ons gemeente tot hiertoe gedoen het, en is van plan om die Gesant van God ook in die toekoms heelhartig te ondersteun waar hy hom beywer vir die hoogste belange van ons Kerk en die gemeente."

[Kerkraadsnotule Tafelberg 11/11/1947:235]

Opvallend in hierdie mosie, wat eintlik ´n soort lofrede was, was die liefde, respek en waardering wat die kerkraad namens die gemeente uitgespreek het. Selfs in so ´n mate dat die skriba met hoofletters na Vorster verwys. Wat vreemd voorkom is die feit dat die mosie glad nie melding maak van sy eggenote wat hom in alles, in besonder gedurende sy lang tye van siekte, getrou bygestaan en versorg het nie. Die rede hiervoor moet miskien gesoek word in die feit dat sy eggenote ´n baie stil geaardheid gehad het en die gawe ontvang het om gedurende al die jare wat Koot in die bediening gestaan het, op die agtergrond te bly en hom in stilte te versorg. In gesprekke met gemeentelede was daar deurentyd groot waardering vir die wyse wat sy as pastoriemoeder haar plek volgestaan het. Nie alleen in die versorging van haar man in die pastorie nie, maar ook in die gemeentelike werksaamhede.

Vorster se band met die kerk se belydenisskrifte staan vas en word weerspieël in ´n resensie wat hy geskryf het van ´n boek van prof E E van Rooyen, sy geliefde leermeester, met die titel: Die Tien Gebooie. "In sestien hoofstukke", skryf hy, "word die diepe en blywend normatiewe betekenis en die positiewe inhoud van die gebooie van God blootgelê. Dit word gedoen aan die hand van die onoortreflike leerboek van ons kerk, die Heidelbergse Kategismus" [*GV* Maart 1947:16]

By gewone kerkraadsvergaderings het Vorster die instelling gehad om by die opening ´n lied te laat sing, daarna uit die Skrif voor te lees en ´n paar gedagtes daaruit te haal voordat daar in gebed voorgegaan is - baie keer het hy een of meer persone gevra om te bid.

Vorster se ongesteldheid het hom baie las gegee en so kon hy vanweë sy siekte nie die kerkraadsvergadering van 28 April 1948 bywoon nie.. Een van die ander lede het as voorsitter in sy plek waargeneem.[Kerkraadsnotule

Tafelberg 28/4/1948]

Binne Tafelberg-gemeente is die geestelike werk steeds nie afgeskeep nie. In diè verband het die kerkraad in Julie van dieselfde jaar ´n belangrike besluit geneem: “Dat twee kerkraadsvergaderinge, waarvan een uitsluitlik gebruik sal word vir die bespreking van die geestelike belange van die gemeente gehou sal word in die maande April en September van elke jaar.”

Iets waarmee die gemeente vrede moes maak was die feit dat Vorster, vanweë sy groterwordende verantwoordelikhede, ook buite die gemeentegrense, al meer buite die gemeente sou wees. Dit het ook gebeur by hierdie vergadering toe Vorster al weer verskoning moes maak vir een week aangesien hy die Sinodale Opvoedingskommissie se vergadering te Oudtshoorn moes bywoon. [Kerkraadsnotule Tafelberg 13/7/1948:284]

Uit erkentlikheid vir die Vorsters het geskenke van die gemeente se kant ook nie uitgebly nie. Een hiervan was ´n geskenk van 50 pond. “Br Carstens deel mee dat die Kerkraad genoemde bedrag aan ds. en mevr. Vorster skenk as ´n blyk van waardering vir die opbouende werk deur hulle as pastorie paar in die gemeente gedoen” [Kerkraadsnotule Tafelberg 12/8/1948:291]

By die kerkraadsvergadering van 19 Oktober 1948 word die gemeente in wyke verdeel [Kerkraadsnotule Tafelberg 19/10/1948:315] en kon skriftelike uitnodiging aan gaste gerig word vir die inwyding van die pastorie wat ´n paar dae later en wel op 23 Oktober sou plaasvind. [Kerkraadsnotule Tafelberg 19/10/1948:317]

In Oktober 1949 besluit die kerkraad om vir Vorster te vra om ´n onlangse preek van hom oor Gemengde Huwelike te laat druk in pamflet-vorm vir verspreiding in die gemeente. [Kerkraadsnotule 11/10/1949:414]
Probleme het opgeduik in die geval van een van die lidmate, maar na veel

gebed en die regte hantering van die saak kon dit opgelos word en rapporteer Vorster aan die vergadering:"Die voors. deel mee met groot dankbaarheid teenoor die Here vir Sy seën en verhoring van gebede dat die kwessie insake die bedanking van br De Villiers nou opgelos is." [Kerkraadsnotule Tafelberg 22/11/1949:415]

´n Woord van waardering namens die kerkraad word uitgespreek teenoor Vorster vir sy "moeite om ander sprekers te kry tydens die sitting van die sinode, en bedank ook die voors. vir moeite gedoen vir die reëling van klasse vir die katkisering van getroudes en ongetroudes" [Kerkraadsnotules Tafelberg 22/11/1949:423]

Soos dit soms gebeur, veral in stedelike gebiede, was daar by tye ook irritasies tussen Tafelberg en die ander gemeentes in Kaapstad. Een van hierdie gevalle was die onenigheid met De Nieuwe Kerk wat ´n lang ruk geduur het. Met die oog op die voortslepende onenigheid tussen Tafelberg en De Nieuwe Kerk het die sinode ´n Versoeningskommissie benoem met ds J J Wasserfall as skriba. So is dit genotuleer op ´n kerkraadsvergadering: "Die skriba vra vir ´n deputasie van die leraar en drie kerkraadslede om die versoenings-kommissie te ontmoet in die Hugenote Gebou op Woensdagnamiddag 8 Februarie 1950 om 2 uur. Vir die doel wys die kerkraad van Tafelberg die leraar, br Carstens, Swanepoel, en Smith aan. [Kerkraadsnotule Tafelberg 31/1/1950:427-8] Met dankbaarheid kon op ´n latere vergadering gemeld word dat die Versoenings-kommissie in hul doel geslaag het en dat die saak afgehandel is. [Kerkraadsnotule Tafelberg 4/2/1950:435]

Iets wat hier in Tafelberg wortel geskiet het was die gebruik om ´n lied te laat sing nadat die seën uitgespreek is. So word genotuleer: "Die voorsitter sal ingaan op die saak in verband met die sing van ´n gepaste Gesang of Psalm na die uitspreek van die seën by die eredienste" [Kerkraadsnotule Tafelberg

14/2/1950:439] en by die volgende vergadering sê die voorsitter dat hy in gedagte het die 3de vers van Ps 134 maar die lede kan nog verder oor die saak dink. [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/3/1950:443] Die Kerkraad besluit dan ook om voortaan Ps 134:3 te sing na die uitspreek van die seën aan die einde. Dis interessant hoe sommige gebruike soms net eenvoudig neerslag vind en vir jare voortgesit word want met ´n besoek aan hierdie gemeente in November 2006 was dit verrassend om tydens ´n erediens te ervaar dat die gemeente nog steeds hierdie gebruik handhaaf deur Ps 134 te sing na die uitspreek van die seën!

In 1950 is Vorster se moeder oorlede en stel die kerkraad ´n mosie van roubeklag voor. By hierdie geleentheid het die leraar kerkraadslede daarvoor bedank en ook dat hulle dit vir hom moontlik gemaak het om by die sterfbed van sy moeder te kon wees - oudl Swanepoel het hom met sy motor na Jamestown geneem. [Kerkraadsnotule Tafelberg 9/5/1950:456]

Die kerkraad het vir hulle leraar gesorg en onder andere aan hom gedurende hierdie tyd  ´n rentevrye lening van R300 vir ´n motor en R50 vir benodighede vir die motor toegestaan. [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/11/1950:510]

Op 26 November hierdie jaar was die kerkraadslede en hul gades weer soos gewoonlik by die pastorie om sy verjaarsdag te vier.en gebeure van belang was ook die geboorte van hulle dogter en terselfdertyd ´n beroep na Calvinia. Hierop het die kerkraad gereageer deur te sê dat hulle in gebed aan hom dink in die oorweging van die beroep. Op die vergadering van 7 Desember besluit hulle om die lening van R300 as geskenk aan hom te gee. Hulle doen dit as blyk van "hoogste waardering vir sy opofferende liefde in die belange van die gemeente in die verlede, maar veral vir die onvermoeide arbeid en ywer, wat hy aan die dag gelê het in die jongste tyd, met die verkryging van groter seggingskap oor die bates van die Hertzog Trust." [ Kerkraadsnotule Tafelberg 7/12/1950:520]

´n Ander voorstel van die kerkraad wat eenparig aanvaar word lui: "Na aanleiding van ons telegram aan ons leraar, wens die Kerkraad en Gemeente nogmaals hulle innige dank en waardering uit te spreek vir die besluit waartoe die Leraar gelei was om die beroep na die gemeente Calvinia te bedank. Ons hoop en vertrou, dat die pastorie paar se verblyf in ons midde, nog van lange duur mag wees en dat hulle dienste nog groter seën vir Sy koninkryk mag meebring" Hierop bedank Vorster die kerkraad en spreek hy die vertroue uit dat die Heer, Kerkraad, gemeente en leraar in die toekoms rykelik sal seën in Sy diens. [Kerkraadsnotule Tafelberg 13/3/1951:1]

In hantering van die baie gevalle van lidmate wat kerklos en kerkloos geword het, het Vorster die kerkraad meegedeel van ´n Evangelisasie veldtog wat gehou gaan word tydens die maand April met die oog op die aanstaande Pinkster. Met die oog daarop sal daar byeenkomste in Tafelberg se kerkgebou gehou word vanaf 18 tot 20 April 1951. [Kerkraadsnotule 13/3/1951:10]

Gedurende hierdie jare het Vorster sy vlerke verder gesprei deur op die redaksie van die *Gereformeerde Vaandel* sitting te neem en in die uitgawe van 3 Maart 1949 verskyn Vorster se naam vir die eerste keer as redaksielid voorin. Ander lede van die redaksie was professore E E van Rooyen, D Lategan, F J M Potgieter. Prof van Rooyen het ongesteld geraak en moes uit die redaksie tree en kort hierna word berig:

> "Weens die vertrek van ds. J. Mentz na die Vrystaat en die huidige aftrede van prof. Dr Van Rooyen het die trustees besluit om ds J D Vorster van Tafelberg, Kaapstad en prof dr Potgieter van die Kweekskool, Stellenbosch as Trustees en mede-Redakteurs van "die vaandel" aan te stel. Ons wil die talentvolle en toegewyde Broeders wat die werk te midde van drukke werksaamhede tans ondeneem, namens die baie Calviniste in Suid-Afrika ons hartlike dank betuig en hulle Gods rykste seën, bystand en leiding in die groot saak van harte toewens.

> Met die Psalmis wil ons die Vaandel omhoog steek , in belang van die Gereformeerde leer en tradisies in ons geliefde land."
>
> [*GV* April-Mei 1949:3]

In 1949 ressenseer Vorster die boekie *The High Points of Calvinism* deur Batian Kruithof. Daarin sê Vorster o a "Deur die uiteensetting, en die warm pakkende manier waarop hy dit gedoen het, het hy die ou dwaling dat die Calvinisme dor-leerstellig en koud is die nek ingeslaan. Dis ´n mooiwerkie wat getuig van studie en liefde vir die geloof wat aan ons oorgelewer is" [*GV* Julie 1949:15]

## 7.14 VORSTER GEE KERKREGTELIKE LEIDING OOR VERKLEINING VAN SINODE

### 7.14.1 Oor verkleining van sinode 1949

Die toekomstige aktuarius van sy kerk het in 1949 sy geliefde kerk kerkregtelik begelei. Soos die sinode op hierdie stadium saamgestel was sou die sinode nog net in 1949 in die huidige sinodesaal kon vergader as gevolg van die getal afgevaardigdes na die sinode. [Vorster *NGTT* September 1979:323]

Aangesien Vorster saam gedink het oor die toekoms van die sinode in die Kaapse Kerk, het hy met die oog daarop voor die aanstaande sinodesitting in Oktober reeds in September ´n artikel vir die *Gereformeerde Vaandel* geskryf oor die onderwerp: "*Moet ons Sinode verklein word?*" Dit was, volgens Vorster, die groot vraag wat voor die sinode sou dien. [Vorster in *GV* September 1949:12; Vorster *NGTT* September 1979:323] Dit was ´n saak wat gedurende hierdie jare by meerdere vergaderinge dikwels op die sakelys gekom het naamlik die probleem rondom die groterwordende vergadering. Daar moes besin word oor alternatiewe moontlikhede om die groter getal afgevaardigdes sinvol en prakties te akkomodeer. Die probleem moes aangespreek word en `n oplossing vir `n "te groot lywige vergadering was of `n *synodus contracta*

[verkleinde sinode] of die verdeling in streek- of gebiedsinodes." [Van der Watt 1987:20]

Vorster was bewus daarvan dat dit `n baie moeilike vraagstuk is en dat daar nie `n maklike uitweg was nie. Tog wou hy nie oor hierdie saak afsydig bly nie. Getrou aan sy aard wou hy saam daaroor bly dink. Hy sê dan ook aan sy lesers dat dit `n moeilike vraag is wat die toekoms van die kerk raak en hy roep hulle op tot gebed:"En die uur van beslissing is daar! Dis tyd dat ons met `n diepe besef van die erns en die nood van die posisie ons tot die Koning van die Kerk in vurige en eendragtige gebed sal wend." [Vorster 1979:323] Die erns waarmee Vorster die saak benader het, sou in die jare wat kom ook baie keer beleef word deur afgevaardigdes na sinodes. Hulle sou ervaar met watter doelgerigtheid en erns hy spreekbeurte aangevra het en mosies voorgedra het.

Vorster wys daarop dat ´n volle of verkleinde Sinode as sodanig nie die wese van hierdie stelsel van kerkregering raak nie en dat byna alle kerke onder die Presbiteriale stelsel van regering ´n verkleinde Sinode het.

**7.14.2 Presbiteriale regeringstelsel soos deur Vorster aangedui**

Vorster spel die wesenstrekke van die stelsel uit as:

> "(1) dat die plaaslike gelowiges met hulle eie ampsdraers saam die Kerk uitmaak, en dat die plaaslike kerke, soos omstandighede dit toelaat, tot een geheel in Ring en Sinode saamgevoeg word; (2) dat die drievoudige amp erken word; (3) dat die kerklike gesag by die Kerk alleen berus en dat die gesag uitgeoefen word deur ampsdraers plaaslik deur die kerkraad en gesamentlik deur die Ring en Sinode; (4) en dat die Kerk naas die staat ´n eie selfstandige entiteit is.
>
> [Vorster *NGTT* September 1979:323]

Die synodus contracta is, volgens Vorster, dan ook nie in stryd met die Presbiteriale regeringstelsel nie maar is ook nie wesenlik eie daaraan nie. Dis ook nie prinsipiële oorwegings wat die onderhawige saak na die sinode se tafel bring nie. Ook nie die vraag oor die werking van die volle sinode in die praktyk nie. Hy gee toe dat ´n groot vergadering nie altyd die beste werksmetode is nie want beheer is moeiliker en besprekingstyd, vanweë die groot getal afgevaardigdes, word lank uitgerek en mors tyd of moet beperk word - wat albei frustrasie in die hand werk. Vir Vorster verloop die sinode van die Kaapse Kerk merkwaardig vlot en word baie werk in ´n kort tyd afgehandel sodat hierdie praktiese redes nie rede is vir verkleining van die sinode nie. [Vorster *NGTT* September 1979:323-324]

Vorster sê dit wat die Kaapse Kerk forseer om ernstig aan verkleining te dink is die kwessie van ruimte en geld. Die harde werklikheid is dat die sinodale saal te klein is en die kerkkas die koste van ´n sinode elke vier jaar nie kan bekostig nie. “Die Sinode sal moet verklein. Die vraag is alleen hoe dit moet geskied. Moet dit enkel numeries verklein word, of kan die geografies deur verdeling geskied. [Vorster *NGTT* September 1979:324]

### 7.14.3 Voordele van Synodus contracta

Die voordele van ´n synodus contracta is, volgens Vorster, dat dit die minste praktiese en organisatoriese moeilikhede sal meebring en dat die opsie tot op datum die meeste aandag geniet het. Skemas vir verkleining is ook reeds uitgewerk en voorgelê en organisatories is dit die maklikste oplossing, netelige finansiële en administratiewe probleme word hierdeur vermy en dit bied seker die mees permanente oplossing. [Vorster *NGTT* September 1979:324]

### 7.14.4 Vorster oor besware teen Synodus Contracta

Vorster wys op die negatiewe aspekte soos bv dat die Kaapse Kerk, Transvaalse Kerk en die Vrystaatse kerk by herhaling ´n verkleinde sinode afgewys het. Die kerk sou slegs daardie opsie kan volg as al die ander

moontlikhede uitgeput is. [Vorster *NGTT* September 1979:324] `n Synodus contracta hou ook die gevaar in dat `n kleinere getal mense weer `n plaaslike gemeente kan oorheers en dus kollegialisme in die hand werk. Met die geskiedenis van die Hervormde Kerk in Nederland in gedagte, is hierdie "regering van bo af" `n gevaar wat ten alle koste vermy moet word. [Vorster 1979:325]

"Die verkleinde sinode," gaan hy voort, "is histories gesien gevaarlik. Dit bly `n interessante feit dat dat in die afgelope honderd jaar feitlik al die kerke wat die Sinode also verklein het, die ramp van bittere kerkskeuringe beleef het." [Vorster *NGTT* September 1979:325] Hy gee dadelik toe dat die verkleining van die onderskeie sinodes nie direk aanleiding gegee het tot die skeurings nie. Maar, "wanneer diep ingrypende kwessies behandel word en kerkrade is nie ten volle verteenwoordig nie, lei dit tot ontevredenheid en skeuring. Wanneer mense behoorlik verteenwoordig is, of self teenwoordig is, terwyl ingrypende besluite geneem word is hulle tevrede selfs as hulle nie saamstem nie. Veral in ons land met sy groot distansie en sy individualisties geneigde volk, wat maklik skerp verskil, sal `n synodus contracta baie gevaarlik wees." [Vorster *NGTT* 1979:325]

`n Verkleinde sinode sou die die ruimteprobleem oplos. Die geldlas sou, volgens hom, egter nie verlig word nie aangesien die kommissiewerk by `n verkleinde sinode toeneem en die groot afstande groter kostes tot gevolg sal hê. Waar die stem van die kerk reeds deur die rumoer van die wêreld rondom verdring word sal ´n sitting van ´n verkleinde sinode nouliks meer aandag trek as ´n sinodale kommissie-vergadering. "....die magtige roep, wat daar van die Sinode uitgaan" sal hierdeur verstom. [Vorster *NGTT* September 1979:325]

### 7.14.5 Vorster verkies die verdeling van die sinode

Nadat Vorster die saak vir homself uitgemaak het, het hy in hierdie artikel `n "synodus contracta" afgewys en hom uitgespreek ten gunste van die keuse

wat die Kaapse Kerk reeds dikwels geneem het naamlik ´n verdeling van die Kaapse Kerk. [Vorster 1979:325]

“Vir die Kaapse Kerk met sy groot verskeidenheid van werksaamhede, sy geweldig uitgestrekte gebied en sy moeilike verkeersverbindinge is dit die enigste oplossing.” [Vorster *NGTT* September 1979:325]

“Bowendien is dit seker die les wat die geskiedenis leer dat al te grote sentralisasie op die duur vir die Kerk skadelik is. Vandaar dat die gemeente of plaaslike Kerk so ´n besondere plek in ons regeringstelsel het.” [Vorster *NGTT* September 1979:326]

Vorster hou as oplossing voor dat die Kaapse Kerk verdeel in `n Oostelike en Westelike deel. Hy suggereer selfs dat `n deel van die Ring van Dordrecht by Natal aangesny word om die kerk in Natal te help in sy “groot werk en moeilike stryd.” [Vorster 1979:326]

Verder het Vorster ook voorsien dat SWA, “met sy groot moontlikhede, sy eie geskiedenis en tradisie, wat so apart van Kaapland lê ook vroeër of later mondig sal word.” [Vorster 1979:326] Sy gedagte is hier duidelik dat SWA later selfstandig sou moes word.

Hiermee het hy duidelik te kenne gegee dat hy nie van plan was om in die besluitneming van so `n belangrike saak neutraal te bly of die maklikste oplossing aan te gryp nie. Niemand sou hom ook ooit van neutraliteit kon beskuldig nie. Ook nie van ´n afbuiging van beginsels nie. ´n Paar jaar na die eerste Algemene Sinode tot stand gekom het sou hierdie mening van Vorster ook gedeel word deur prof F J M Potgieter [Potgieter 1993:18]

Dit was ook Vorster se uitgesproke standpunt en dis ´n feit dat alle kerkrade in die Ned Geref Kerk in die tagtigerjare nie altyd ten volle op sinodes

verteenwoordig was nie en dit gedeeltelik bygedra het tot die roering en ontevredenheid onder gewone lidmate en selfs tot kerkskeuring gelei het.

### 7.14.6 Vorster oor herroeping van Ordonnansie no 7 van 1843

Vorster sny ´n ander belangrike kerkregtelike kwessie hierby aan naamlik die herroeping van Ordonnansie 7 van 1843. "Een vraag in verband met hierdie hele saak wag nog op beantwoording: Sal enige verandering in die samestelling van die Sinode nie ´n wysiging of herroeping van Ordonnansie 7 van 1843 nodig maak nie? Die Sinode sal op hier die punt regsadvies moet kry. Dis twyfelagtig of die magtiging verleen in Art 3 van die 'wysigingswet van die Nederduitse Gereformeerde Kerk' so ´n ingrypende verandering sal dek. In elke geval voel ons die Kerk moet nou die geleentheid aangryp om die hele ordonnansie herroep te kry. Dis tog sekerk lankal tyd dat hierdie oorblyfsel uit die dae toe die staat oor die Kerk geheers het oor boord moet gaan. Die herroeping van die ordonnansie behoort nie moeilik te gaan nie." [Vorster *NGTT* September 1979:326-327]

Vorster sluit sy artikel deur die Sinode vooruit te loop as hy met vertroue sê: "Die aanduiding is daar dat die Kaapse Kerk eerder aan ´n verdeling as aan ´n verkleinde Sinode sal dink." Hy glo dat dit die veiligste pad vir die Kerk sal wees maar vra beskeie, "elke lidmaat moet ook in hierdie saak by die Koning van die Kerk intree in vurige voorbidding. Hy sal nie laat vaar die werke van Sy hande nie. Hy sal lei." [Vorster NGTT September 1979:327]

Hier het Vorster weer met nuwe denke na vore gekom en `n saadjie geplant wat jare later eers sou ontkiem. Met sulke nuwe denke het hy bewys dat hy sy kerk werklik kerkregtelik wou bystaan in die soeke na oplossings. Dis sekerlik onder andere hierdie kerkregtelike insig wat hy openbaar het en die wyse waarop hy nie geskroom het om dit te stel nie wat by lidmate vertroue ingeboesem het. Hy het die oog gevang en is al meer en meer verkies om leiding te gee op die breër kerklike terrein.

### 7.15 KAAPSE SINODE 1949

Op Donderdag 20 Oktober 1949 begin die een-en-dertigste vergadering van die sinode van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika. Soos Vorster dit reeds vroeër voorsien het is die saak te berde gebring en het hy sy standpunt oor die moontlikheid van ´n verkleinde sinode baie sterk gestel en sy invloed deeglik laat geld. Die Algemene Sinodale Kommissie het dit vooraf bespreek en opgeneem in sy verslag wat voor die sinode sou dien. Daarbenewens het verskeie gemeentes ook beskrywingspunte oor hierdie aangeleentheid ingedien. Die Kommissie van Orde het vooraf aanbeveel dat die nege beskrywingspunte wat oor hierdie saak handel almal saam behandel word. [Handelinge Sinode 1949:134]

Afgevaardigdes was diep onder die indruk van die erns van die saak. Reeds op die vierde sittingsdag het ´n mosie van ds P J Loots en die aktuarius, ds F S Malan versoek: “Die Sinode benoem ´n Kommissie om die moontlikheid van die ontwikkeling van ´n deel van ons Kerk in ´n selfstandige Sinode - met behoud van die eenheidsband, bv deur ´n gesamentlike Sinode in voorkomende leerverskille - te ondersoek alvorens daar enige finale besluit oor ´n verkleinde Sinode geneem word.”[Hand Sinode 1949:26]

Die saak is toe verwys na `n Tydelike Kommissie vir Kerkverdeling wat die moderatuur die volgende dag aangekondig het. Die getal kommissielede is later die dag uitgebrei met ´n verdere twee lede asook die Saakgelastigde wat met adviserende stem sitting sou neem. Interessant genoeg is Vorster nie op hierdie kommissie benoem nie. [Hand Sinode 1949:33-34]

Tydens die namiddagsitting op Vrydag 4 November 1949 het die saak van ´n verkleinde sinode weer voor die sinode gedien. Die vraag was of daar ´n Synodus Contracta moet wees of nie. [Hand Sinode 1949:66] Ds G P van den Berg en die Assessor het ´n mosie voorgestel waarin hulle met inagneming van die geweldige kostes, die ontoereikende ruimte vir ´n sinodesitting en die

groot getal afgevaardigdes gevra het vir ´n verkleining van die sinode. Hulle het as grondslag vir verkleining ´n paar vereistes gestel:

1) Dat elke gemeente regstreeks deur ten minste een afgevaardigde in die Sinode verteenwoordig word. Hierdie afgevaardigde kon ´n leraar of ´n ouderling wees.

2) Vir hulle was die Gereformeerde beginsel van gelyke verteenwoordiging belangrik en daarom het hulle voorgestel dat die helfte van die getal gemeentes van elke Ring deur predikante verteenwoordig word en die ander helfte deur ouderlinge.

3) Hulle voorstel het verder gelui dat hierdie voorgestelde sinode van hulle elke drie jaar vergader en tussen vergaderings alle funksies van die huidige sinode oorneem. Dit sou dus in die tussentyd as Synodus Plena optree. Vir leerverskille is daar in die mosie voorsiening gemaak vir die byeenroeping van ´n "buitengewone leer-sinode" wat saamgestel wou wees uit alle diensdoendende leraars plus een ouderling uit elke gemeente. [Handelinge Sinode 1949:66]

Die mosie het ook voorsiening gemaak vir die aanwys van ´n Spesiale Kommissie om verdere besonderhede uit te werk. Hierdie besonderhede het o a ingesluit die wyse waarop die Ring sy afgevaardigdes aanwys, kontinuïteit, afwisseling van afgevaardigde predikante, sitting van die moderatuur ens.

Nadat hierdie mosie oor die verkleining van die sinode ter tafel geneem is, is twee amendemente gestel Die eerste was deur di C H Kruger en N F P Burger:

> "Die teenswoordige eg-presbiteriaanse stelsel, wat soveel geseënde vrug vir die Godsryk gedra het, o a eendragtigheid in optrede, word nie verander nie." Die amendement vra verder dat die duur van die sitting in die toekoms korter sal wees, dat sake bespoedig sal word deur weke vooraf die tydelike kommissies se opdragte te gee, dat die vergadering enige saak wat tydrowend is

sal uitskakel en dat die plek van vergadering in oorleg met ´n kerkraad gevind word.

[Hand Sinode 1949:67]

Di C J Bester en J D Vorster het `n tweede amendement ingedien. Dit het kort en kragtig gelui: "Hierdie H E Vergadering handhaaf sy besluit, so dikwels herhaal, om nie te verklein nie." [Handelinge Sinode 1949:67] Nadat baie sprekers aan die bespreking deelgeneem het, moes dit vir die Moderator, dr A J van der Merwe, nog duideliker gewees het dat `n moeilike saak op die tafel lê. Wyslik het hy besluit om al die opstellers van amendemente te vra om gedurende die naweek met mekaar te praat en `n "gemeenskaplike formule" te vind. [Handelinge Sinode 1949:67]

Dit is toe gedoen en tydens die vyftiende sitting en wel op Woensdag 9 November het die saak weer gedien. Al die vorige amendemente is teruggetrek ten gunste van `n nuwe amendement wat deur ds C J Bester ingedien is. Dit het amper woordeliks ooreengestem met sy vorige amendement. Die verskil is net dat dr C C Nepgen nou die sekondant was in plek van Vorster.

Oor hierdie saak waaroor Vorster sterk gevoel het was hy hier op die agtergrond maar tevrede dat die saak gedien word. Volgens die nuwe amendement verklaar die sinode hom "beslis teen die beginsel sowel as die praktiese implikasies van `n verkleinde Sinode." Dit vra verder vir `n "sterk kommissie om ondersoek in te stel na al die moontlikhede om fondse te bespaar en/of te verkry met die oog op voorsiening van ruimte en wat verder nodig mag wees." [Hand Sinode 1949:83] By stemming is die amendement met `n groot meerderheid aanvaar. Die hele saak is hierna in ooreenstemming met die Moderator se reëling vooraf, na die Kommissie vir die Fondse oorgedra om die sinode met advies te dien.

Op Dinsdag 15 November 1949, die voorlaaste sittingsdag, lewer die Tydelike Kommissie vir die Fondse sy Derde Verslag tydens die namiddagsitting. Die Kommissie se aanbeveling het daarop neergekom dat die huidige perseel in Koningin Victoriastraat, waarop die Hugenote-Gedenkteken staan, onder geen omstandighede verkoop sal word nie. Die huidige sinodale saal sou vergroot word, bykomende kantore opgerig word en verdere verbeterings aangebring word. Kommissies sou opdrag ontvang om vooraf alle ter saaklike inligting te versamel en aan die Algemene Sinodale Kommissie te rapporteer. Laasgenoemde kommissie sou, volgens die aanbeveling, volmag ontvang om finaal oor die saak te besluit en tot uitvoering te bring. [Handelinge Sinode 1949:444]

Nadat die Kommissie sy aanbeveling sodanig gewysig het dat dit voorsiening gemaak het daarvoor dat die huidige perseel verkoop mag word en `n ander gebou opgerig mag word is dit deur die vergadering aanvaar. Met hierdie besluit van die sinode kon Vorster hom heelhartig vereenselwig. Die hele probleem van die sinode wat moet verklein was nou vir die komende reses in die hande van die Algemene Sinodale Kommissie, terwyl die Kommissie van Toesig en Kontrole vir die nodige fondse voorsiening moes maak. [Handelinge Sinode 1949:114]

Die Kerkraad van Stellenbosch in ´n besprekingspunt vir die sinodesitting van 1949: “Die Sinode oorweeg die moontlikheid en uitvoerbaarheid van die beginsel van eweredige verteenwoordiging van predikante en ouderlinge op die *hoër* Kerklike Vergaderings.” [Handelinge Sinode 1949:370]

Toe die Kaapse Sinode van 1949 `n aktuarius moes kies, was die veertigjarige Koot Vorster, skriba van die Regskommissie, se naam vir die eerste keer onder die 32 genomineerdes op die groslys. Ds F S Malan is egter verkies. Met die verkiesing van skriba dieselfde middag het Vorster se naam, interessant genoeg, weer op die groslys verskyn. Hierdie keer moes hy saam

met 15 ander teen ds W A Landman die onderspit delf. [Handelinge Sinode 1949:15]

Vorster het in hierdie sinode nie sy plek by die groen tafel ingeneem nie. Tog was die nominasies reeds `n aanduiding dat sekere afgevaardigdes hom raakgesien het en groter verantwoordelikhede op sy skouers wou plaas. Daarvan is sy nominasie as skriba, nadat hy as aktuarius uitgeval het, seker ook afdoende getuienis.

Gedurende die sinode van 1949 is Vorster wel op die Tydelike Kommissie vir Onderwys verkies. [Handelinge Sinode 1949:19] Hy word ook op `n aantal permanente kommissies verkies onder andere Kommissie vir die bepaling van `n beleid vir die Kerkpers [Handelinge Sinode 1949:28, Algemene Armesorgkommissie [Handelinge Sinode 1949:73], Regskommissie [Handelinge Sinode 1949:75] en Kommissie vir S A Bybelvereniging [Handelinge Sinode 1949:76]. Aan die einde van die sinode van 1949 het hy huiswaarts gekeer met nuwe verantwoordelikhede en volop werk. Sy verkiesing op verskeie kommissies was die bewys dat hy besig was om sy merk in die Kaapse Kerk te maak.

Tog is dit veral sy rol in die sinode se besluite wat aandag trek. Tydens hierdie sinode van 1949 was Vorster by `n paar mosies betrokke en dit het een van die kante van sy persoonlikheid en sy werkswyse in latere vergaderings belig. In sy eie woorde het hy vroeg in sy lewe reeds besef dat hy `n betrokke saak beter kan dien as hy die voorsteller van die mosie kan wees. Dan was hy verseker van repliek aan die einde van die debat en kon hy as laaste spreker die debat afrond en die laaste woord inkry. Enige een wat op daardie laat stadium nog nie oortuig was nie, sou dan met volle gloed oortuig word.
Dit was in sulke gevalle die orator Vorster wat op die been was. Beter as seker enige tydgenoot van hom het hy oor die vermoë beskik om met gloed `n saak te stel en mense te oortuig! Hierdie vermoë van hom het veel te doen gehad

met die feit dat hy altyd van harte geglo het in sy saak en dit met sy hele wese, liggaamshouding, gesigsuitdrukkings en stemtoon op so ´n wyse voorgedra het dat dit gelyk het asof sy lewe daarvan afgehang het - in sekere gevalle was toehoorders as te ware bang om hom teen te gaan.

Hierdie soort van aggresiewe optredes was ongelukkig die rede waarom baie mense van hom die beeld gehad het van ´n onbedagsame, ongenaakbare, strydlustige vegter wat op ´n liefdelose wyse alle teenstand voor hom uit die pad wil vee. Diegene egter wat hom persoonlik goed geken het kon deel in sy fyn humorsin en die nederigheid waarmee hy in diens van sy Meester gestaan het.

Afgevaardigdes na sinodes het dit meer as een keer self ervaar hoe dr Koot net voor die stemming oor `n saak vir oulaas sy plek voor die mikrofoon ingeneem het vir die repliek en in die woorde van afgevaardigdes, “ as te ware `n hele sinode met sy pleidooi omgeswaai het.”

Baie keer wou sy ondersteuners gedurende `n debat mismoedig word omdat dit gelyk het of die saak verlore is, maar dan het hulle met groot verwagting hul hoop op Vorster se repliek gevestig. Baie keer om tot hul verligting te sien hoe hy met oortuigingskrag mense van standpunt laat verander. Teenstaanders het met hul laaste spreekbeurte weer alles uitgehaal om te keer dat Vorster se repliek die voorstel tot besluit van die vergadering sal maak. Dit is hierdie optredes van Vorster wat vroeg reeds mense se oog gevang het en bygedra het tot die feit dat mense aan sy oordeel begin glo het en hom toegelaat het om hulle in hulle besluitneming te beinvloed. Die bewyse is daar vir almal om te sien.

Reeds hier by die sinode van 1949, byvoorbeeld, is al die mosies waarby Vorster betrokke was dan ook, met weinige uitsonderings, deur die vergadering aanvaar. Die mosies wat hy ingedien het was goed geformuleer.

Hy het dit duidelik en goed gestel, ingelui en gemotiveer. Dit was duidelik die optrede van iemand wat sy huiswerk vooraf goed gedoen het.

In `n persoonlike gesprek het Vorster self erken dat dit iets is wat hy van generaal Jan Smuts, die eertydse premier, geleer het naamlik dat lg altyd goed voorbereid na `n vergadering gekom het. Dikwels met `n klaar uitgewerkte plan of skema. Volgens Vorster het so `n persoon altyd `n voorsprong in die vergadering gehad. Dikwels is lede onvoorbereid en weet hulle nie waar om te begin nie. Vergaderings ontaard dan ook in `n sinlose gedwarrel. In so `n geval is die persoon wat sy huiswerk goed gedoen het voorbereid, kan hy sy plan/skema op die tafel plaas as `n vertrekpunt en baie keer sal so `n persoon vind dat sy klaar uitgewerkte plan/skema rigting gee aan `n vergadering en dikwels net so deur die vergadering aanvaar word.

Bestudeer `n mens Vorster se optredes in vergadersale is dit baie duidelik dat hy homself aan hierdie goue reël gehou het.

Iets anders wat ook in Vorster se guns getel het was die feit dat die afgevaardigdes hom beskou het as iemand wat sy kerk en volk eerlik liefgehad het. Hierin het afgevaardigdes reg geoordeel want dit is `n stewige grondslag wat jare gelede in sy ouerhuis gelê is. Hier by die sinode van 1949 het dit na vore gekom in `n mosie wat hy en ds D M C Smit ingedien het m b t die Volkshospitaal in Kaapstad waarin die Bestuur "ernstig en dringend versoek [word] om alles in hul vermoë te doen sodat `n gesonde Christelik-godsdienstige gees, asook die tradisies van ons Kerk en volk, in die inrigting gehandhaaf en uitgeleef word." Hierdie mosie is algemeen aanvaar. [Handelinge Sinode 1949:21] Hy het `n besondere band gehad met die Volkshospitaal, een van die bekendste bakens aan die voet van Tafelberg. Dit is in hierdie hospitaal waar Vorster menige operasies ondergaan het, maande lank as pasiënt deurgebring het en by ten minste een geleentheid naby die dood omgedraai het. So naby aan die dood dat medici die ergste verwag het.

Almal het verwag dat hy nie sou oorleef nie. Die redakteur van die Kaapse dagblad, *Die Burger*, het selfs so ver gegaan om `n doodsberig te skryf en vir sy nagredakteur dit te los vir plasing indien Vorster die nag sou sterf. Die berig was kompleet behalwe vir die tyd van sterfte wat die nagredakteur moes invul. Hierdie berig is baie jare later aan ´n springlewendige en dinamiese Vorster oorhandig.

Ander mosies van Vorster wat ook op hierdie sinode aanvaar is, is die mosies oor Kolportasiewerk [Handelinge Sinode 1949:25]; Diakonie [Handelinge Sinode 1949:69]; *AEB* [Handelinge Sinode 1949:86] en Christelike Nasionale Onderwys [Handelinge Sinode 1949:95]  Uit die mosies is dit duidelik dat hy oor `n wye spektrum van die breë kerklike lewe gedink het en saam beplan het. Dit het saamgehang met die feit dat hy wyd gelees het en diepgaande kennis gehad het van die geskiedenis en veral die kerkgeskiedenis. ´n Voorbeeld hiervan kry ons in die onderskeie artikels wat hy geskryf het. Boeiende geskrifte wat getuig van wye belesenheid. Een van hierdie artikels is die een wat Vorster onder die opskrif: Die Hervorming in Engeland geskryf het. [Die *GV* November 1949:11-14]

## 7.16 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1951

By hierdie vergadering is die geesdrif vir vereniging verder gedemp toe die kommissie wat in 1947 aangewys is sy bevindinge bekend gemaak het. Daar is gevind dat daar op daardie oomblik geen sterk drang tot vereniging was nie. [Van der Watt 1987:8 en Hand Raad van Kerke Mei 1951:45; Van Staden 1973:418]

Die Kommissie vir Kerkvereniging rapporteer by hierdie vergadering as volg:

> "Op die twintigste vergadering van die Raad van Kerke [Mei 1947 in Durban] het die volgende besluit geval: By die behandeling van die verslag van die kommissie insake kerkvereniging het dit geblyk dat daar nog nie genoegsame helderheid bestaan omtrent die wyse

waarop die kerk op uniale grondslag saamgestel sal word nie. Die Raad dra dit derhalwe andermaal aan ´n kommissie vir kerkvereniging op om ´n skema vir vereniging in besonderhede gereed te maak en aan die volgende vergadering van die Raad voor te lê."

[Hand Raad van Kerke Mei 1951:45]

Hierdie kommissie het niks aan die saak gedoen nie en gevolglik het daar geen rapport oor kerkvereniging op die volgende vergadering [21ste] in Pretoria in Mei 1949 gedien nie. Die opdrag is herhaal aan ´n nuwe kommissie wat in 1951 as volg gerapporteer het:

[1] Kerkvereniging sal noodwendig drastiese inkorting van die verteenwoordiging van gemeentes op die sentrale sinode meebring. In die reses het die twee grootste sinodes van die Geref Kerke die verkleining van hul sinodes met groot meerderhede afgestem. Op hierdie stadium het geen skema vir kerkvereniging wat hierdie beginsel inhou, kans om te slaag nie. Ons sien geen moontlikheid om ´n skema sonder hierdie beginsel aan die Raad voor te lê nie en is van oordeel dat dit dus nutteloos sal wees om dit te doen.

[2] In die kerk skyn daar op die oomblik geen sterk drang tot kerkvereniging te wees nie en tot tyd en wyl dit daar is sal dit tevergeefs wees om tyd en kragte aan skemas te bestee.

[3] As die Raad verder op kerkvereniging wil aandring sal dit beter wees om ´n kommissie van propaganda vir kerkvereniging aan te stel. Namate die propaganda slaag sal die aanstel van ´n kommissie om ´n skema op te stel weer noodsaaklik word en praktiese nut hê" [Hand Raad van Kerke Mei 1951:45]

Wat volgens Van der Watt hier na die oppervlakte gekom het was die ou probleem van vrees vir "vermindering van verteenwoordigers op die Algemene Sinode - die onvermydelike synodus contracta, waarvoor die gemeentes van

die Nederduitse Gereformeerde kerk uiters allergies was." [Van der Watt 1987:8] Ongelukkig was ´n Synodus Contracta die enigste wyse waarop die algemene Sinode by organiese kerkvereniging saamgestel kon word. [Van Staden 1973:418]

Tog moes dit ´n vreemde ervaring gewees het dat die hele kerk oor soveel jare gesmag het na vereniging, maar dat kerkrade telkens wanneer die groenlig gevra is terug gedeins het en nie tot aksie oorgegaan het nie. Daar was blykbaar geen sterk begeerte tot organiese vereniging aanwesig nie. [Van Staden 1973:418]

Die skriba, ds A J V Burger het egter nie daarin berus nie en ´n goed gemotiveerde beskrywingspunt na die vergadering van 1953 gestuur. Die beskrywingspunt het hy in drie dele verdeel:
"Met die oog daarop dat:
(a) Die vier Gefedereerde Kerke uit dieselfde moederskerk ontwikkel het en nog met bande van belydenis, liefde en enerse belange aan mekaar verbind is, en daar tog ´n federale eenheid bestaan;
(b) Die Sinodes van ´n paar van die kerke reeds te groot geword het en verdere afstigting van kerke nie onmoontlik is nie, maar inteendeel selfs al beplan word;
(c) Dit die belange van die Kerk van Christus in Suid-Afrika sal bevorder;
so besluit die Raad van die Kerke om by die verskillende Sinodes binne federale verband aan te beveel
1] dat die bestaande en moontlik te worde gestigte gefedereerde kerke tot organiese vereniging sal oorgaan;
2] dat daar een algemene sinode sal wees waarop elke kerk verteenwoordig sal word;
3] dat daar provinsiale- of streeksinodes sal wees om aanbevelings by die Algemene Sinode te doen en verder uitvoering te gee aan opdragte deur die Algemene Sinode gegee. [Van Staden 1973:418]

## 7.17 VORSTER SE BEOORDELING VAN DIE NED GEREF KERK SE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING.

Vorster beredeneer die vraag: Hoe gereformeerd die Ned Geref Kerk is? Hy wys meer as een keer in die artikel daarop dat die "Gereformeerdes het nooit op dieselfde mate van suiwerheid in die Kerkregering as in die leer aangedring nie. " [*GV* Aug 1951:124]

Vorster reageer op ´n stuk van Landwehr met die naam: *Handboek der kerkgeschiedenis* waarin hy sê dat die jaar 1804 die sterfjaar en 1824 die begrafnis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was. Wat hiermee bedoel word is, volgens Vorster, dat die Kerk in 1804 met die ontvangs van De Mist se Kerkorde sy gereformeerde karakter ingeboet het en toe die eerste sinode in 1824 hierdie Kerkorde as vigerende Kerkorde erken het en die Algemene Bepalinge vir die Kerk op voetspoor van die Reglement van 1816 opgestel het die Kerk afskeid geneem het van alles wat gereformeerd is. [*GV* Aug 1951:123]

Vorster noem die geskiedenis van die Kerk wat Jan van Riebeeck na Suid-Afrika gebring het in meer as een opsig ´n "lydingsgeskiedenis". Hy motiveer dit deur daarop te wys hoe die kerk aan die begin deur die OIK verkneg is en later onder ander vreemde heerskappy gestaan het. Die kerk aan die Kaap het in ´n groot mate selfstandig en los van die moederkerk ontwikkel. Aanvalle op die Kaapse Kerk het nie uitgebly nie. Hierdie aanvalle was veral op die kerkregering toegespits. [*GV* Aug1951:123]

Die geskiedenis bewys dat, "hoewel die Gereformeerdes teenoor die Roomse, die Erastiane, die Independente ens. ´n eie Kerkreg uit die Skrif opgebou het, is ´n Kerk nooit bloot op grond van sy stelsel van Kerkregering as ongereformeerd veroordeel nie." [*GV* Aug1951:124] Vorster brei hierop uit deur aan te toon hoe die Kerk in die Palz en die Gereformeerde Kerk in Hongarye van die Calvinistiese beginsels afgewyk het maar nie as dood

gereken is nie. Hy wys daarop hoe selfs die Sinode van Dordt in 1618-1619 afgevaardigdes verwelkom het wat Erastiaans, Independenties en Episkopaals was. “Vandaar ook dat Dordt, wat in die leer nooit ´n kompromie sou duld nie, ten koste van die suiwer beginsel in die Kerkregering, aan die staat toegewinge gedoen het.” [*GV* Aug 1951:124]

Dit sou egter volgens Vorster verkeerd wees om van hierdie, en vele soortgelyke voorbeelde, af te lei dat die Gereformeerde Kerke nie prys gestel het op ´n suiwere Kerkregering nie. Dit toon maar alleen aan dat die Gereformeerdes nooit dieselfde strenge eise insake die Kerkregering as in verband met die leer gestel het nie. [*GV* Aug 1951:124] Vorster is dus van mening dat Landwehr se stelling nie korrek is nie.

´n Ander vraag bly egter  nog of die Kerk nie tog in die belangrike jare 1803 en 1824 in sy kerkregering die Gereformeerde spoor verlaat het nie. Hierin word veral gedink aan die feit dat die Kerk in 1803 ´n Kerkorde van die staat ontvang het wat radikaal verskil het met Gereformeerde beginsels en dat die Kerk in 1824 by die kollegialistiese reglement van 1816 aangesluit het. Vir Vorster is dit ongelukkige gebeurtenisse wat die kerk baie skade berokken het, maar hy vra die vraag of die Kerk hiervoor verantwoordelik gehou kan word. Vorster gaan dan voort om in 5 punte die saak te beoordeel.

a) Die Kerk het die Kerkorde van De Mist in 1803 aanvaar omdat dit eintlik net die praktyk ook in teorie vasgelê het.
b) Die Kerk was in 1803 nie in ´n posisie om hom teen die optrede van De Mist te verset nie. Die gemeentes het los gestaan van mekaar, kon nie met mekaar in gesprek tree nie en het die kans om in ´n vergadering saam te sit verwelkom. Dit was ´n jare lange begeerte om in ´n algemene vergadering saam te kom met die oog op die behartiging van die belange van die Kerk.
c) Sommige gemeentes het wel die Kerkorde in 1804 met dankbaarheid ontvang en aangeneem. Dit het o a voorsiening gemaak vir beter voordele vir

predikante al was die beginsels wat dit bevat het nie Gereformeerd nie. Die Kerk het egter daarna gestreef om by die eerste geleentheid (1824) van die Kerkorde ontslae te raak.
d) Dit was vir die Kerk duidelik dat as die Kerkorde afgeskaf sou word dit ook die einde van die algemene vergadering sou wees en daarom het hulle ´n ander strategie gevolg.Hulle was duidelik nie van plan om die Kerkorde te behou nie.
e) Vir die Kerk was daar geen sprake van dat die Kerkorde van De Mist die Dordtse Kerkorde vervang het nie. [*GV* Aug 1951:125]
Vorster oordeel dus dat die Gereformeerde Kerk nie in 1804 dood is nie.

´n Belangrike hoofstuk in die kerkgeskiedenis van die Kaapse Kerk, maar ook in die persoonlike lewe van Koot Vorster, is afgesluit met die afsterwe van prof E E van Rooyen in hierdie jaar. Prof van Rooyen het in 1916 predikant geword in De Nieuwe Kerk Kaapstad, Vorster se eerste gemeente, en daar het ´n besondere band tussen die twee ontwikkel vanaf die tyd toe Vorster ´n student by hom was. Vorster het baie groot respek vir hierdie mentor van hom gehad.en het ook op versoek van die familie die begrafnisdiens waargeneem.

In ´n huldeblyk noem prof P A Verhoef hom o a: “...stoere stryder vir die Gereformeerde waarheid....Die woord wat as uitgangspunt vir die begrafnisrede gedien het, is inderdaad op sy lewe en arbeid van toepassing: ´hy het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het (Hand 13:36) En in hierdie diens van sy geslag volgens die raad van God het hy hom ´n getroue seun van die Hervorming betoon.! Mag sy werke hom navolg tot in lengte van dae” [*GV* Okt 1951:163]

Van hom getuig ook die sinode: “Hy was ´n deeglike pligsgetroue werker, besonder skrifgetrou en beginselvas, ´n man wat met gespierde taal gepraat en geskrywe het. Hy sal ook onthou word as een van die vertalers van ons Bybel in Afrikaans, by name van die Ou Testament.” [Hand Sinode 1953:226]

## 7.18 SAMEVATTING

Die tydperk 1935 tot 1951 bestryk Vorster se eerste jare in die bediening. In die gemeente het hy, ten spyte van langdurige ongesteldheid, as voorsitter van die kerkraad uit die staanspoor uit belangrike kerkregtelike beginsels neergelê rondom die arbeid van die leraar en kerkraad. Hy het die kerkraad geskool en belangrike sake soos tug het duidelik tot sy reg gekom in Tafelberg. Nadat hy verkies is in leierposisies en op ´n breër terrein die kerk gedien het, het hy steeds in hart en siel in sy prediking en pastorale arbeid gebly.

In kerkraadsvergaderings asook meerdere vergaderings het hy die aandag getrek met sy vernuwende denke, goeie beplanning en fyn geformuleerde mosies. Lidmate het na hom opgesien vir leiding ten opsigte van die kerk se groterwordende getalle en beperkte akkomodasie vir sinodesittings.

Vorster se kerkregtelike standpunte kom mooi na vore toe hy, wat nooit onder ´n skulnaam geskryf het nie, gedurende hierdie tyd, die stryd aangeknoop het teen ´n ouer kollega wat onder die skuilnaam "Bekommerd" in Die Kerkbode geskryf het.

Van die belangrikste kerkregtelike sake wat Vorster aangespreek het was o a die verkleining van die sinode, interkerkisme, kollegialisme en metodisme.